


Matie land



Deurnagfees vir Afrikaans

Matie pioneer from Japan
Fakulteite smelt saam



UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Piet Grobler

Travelling with us makes you feel like a global citizen



DStv
EXPAND YOUR VIEW

There's no better place to view the world than to watch it from the finest selection in world-class television. From the best performances in movies. The greatest sporting action from around the world. Infotainment to stimulate the whole family. The ultimate choice in music hits, and the latest in local and international news. DStv is an investment that will expand your view of the world, in the comfort of your home.



DStv is brought to you by MultiChoice. Digital Satellite Decoders are available from your local dealer or MultiChoice agent. For more information call: Gauteng (011) 289 2250, W Cape (021) 508 2250, Kwazulu Natal (031) 710 2250, E Cape (041) 395 2250, Free State (051) 503 2250 or visit our website: www.multichoice.co.za. Different subscription rates applicable to commercial establishments. MultiChoice approved installer recommended.

Voorblad: Detail uit Piet Grobler, 'n Stellenbosse Oudmatie-kunstenaar, se ontwerp vir die plakkaat van Afrika se eerste woordfees, wat by die HB Thom Teater-kompleks op die US-kampus aangebied is. Grobler se plakkaat-ontwerp is 'n visuele uitbeelding van Afrikaanse skrywer en digter Breyten Breytenbach se "ek skryf jou lyf..." Die woordfees, wat "Nag van Passie" genoem is, was 'n deurnagfees vir Afrikaans, 'n nag van passie vir 'n taal. Lees die berig hieroor op bl. 8.

Matieland word gratis aan Oudmaties en US-donateurs gestuur.

Matieland Advieskomitee:

Proff Rolf Stumpf (voors.),
Walter Claassen, Julian Smith,
Piet du Plessis, Johan Groenewald,
George Claassen;

mnre Kobus Visagie, Hans-Peter
Bakker, Hans Oosthuizen

Redakteur: *Matieland:*

Hans Oosthuizen

Uitvoerende redakteur,

US-publikasies: Hans-Peter Bakker

Ontwerp & Uitleg: Alun Davies
en Cathy Charman

Kontrak-uitgewer:

Metupp Publishing, Claremont

Reproduksie: Virtual Colour

Drukker: CTP

Verspreiding: AMA, Kaapstad

Redaksiekantoor:

Posadres: Redakteur: *Matieland*,
Bemarking & Kommunikasie,
Universiteit van Stellenbosch,
Privaatsak X1, *Matieland*, 7602

E-pos: jcoost@maties.sun.ac.za

Tel: (021) 808-4851/-4632

Faks: (021) 808-3800

Advertensies:

Johannesburg: Metupp Publishing,
Posbus 412193, Craighall 2024

E-pos: metupp@global.co.za

Tel: (011) 803 4446

Faks: (011) 803 4447

Sirkulasie/Adreslys:

Posadres: Malena Fourie,
Matieland-sirkulasie, Bemarking &
Kommunikasie, Privaatsak X1,
Matieland, 7602

E-pos: mfour@maties.sun.ac.za

Tel: (021) 808-4919

Faks: (021) 808-3800

Jaargang 44 1:2000

ISSN 0025-5947

Matieland

<http://www.sun.ac.za/local/news/publications.htm>



Kosbare ou landkaarte - 16



Alles van die goeie lewe - 18



Mbeki oorhandig prys - 22



Maties klop Vrystaters - 32

Inhoud/Contents

Navorsing/Research

22 Mbeki oorhandig topprys aan Stellenbossers

31 Vennootskapprojek lewer unieke masjien

Onderrig/Teaching

4 Vier fakulteite word twee

10 US bring sy kant met Afrikaans-simposium

12 Topwetenskaplike uit VSA by skool se opening

13 Vleuel van R40 miljoen amptelik geopen

14 Bestuurskool kry 'gehalte-etiket'

15 USB en voorste Britse sakeskool werk saam

25 Top Escom man to teach at Stellenbosch

Geskiedenis/History

16 Motgevrete ou kaarte 'n unieke vonds

Mense/People

6 US kry UWK-man as viserektor

18 Akademia, die alles van die goeie lewe

20 Pionering spirit of the man from Nagasaki

28 Skrande vrou bestuur US se varke

Eerbewyse/High honours

21 Museum se lokaal na oudrektor vernoem

23 Duitser kry Universiteit se prestigemedalje

26 Vyf veelsydige wyses kry eregrade

Die kunste/The arts

8 Deurnagfees vir Afrikaans

9 Digtters sedert 1652

28 Twee by Drama kry toneelpryse

Sport

32 Maties skitter in Vrystaatse intervarsity

Allerlei/Miscellaneous

2 Redaksioneel

2 Klip in die 'Bosch: Lesersbriewe

13 US erf R6,56 miljoen uit 39 boedels

24 Raad word byna helfte groter

25 Andreas van Wyk tree einde 2001 af

30 In memoriam

“Hoe meer dinge verander, hoe meer bly hulle dieselfde”

Dié woorde (oorspronklik in Frans, deur Alphonse Karr in sy werk *Les Guêpes*, 1849) weerspieël miskien die versugting van baie mense wat ongemaklik voel oor verandering, oor te veel verandering, té vinnig...

Of dit kan die ongeduld, selfs sinisme, uitdruk van hulle wat voel noodsaaklike veranderinge geskied eintlik op so 'n manier dat dit maar net moet lyk asof dinge wel verander het.

Feit bly, verandering is 'n onvermydelike deel van die lewe – ook, en veral, by 'n instelling soos 'n universiteit. Veranderinge kan goed wees, of nie noodwendig nie. Die regte veranderinge kan op die regte tyd geskied, of nie.

'n Hoë aanstelling vanaf die US se naaste buuruniversiteit, Wes-Kaapland, is nog een van daardie dinge wat duidelik staan in die teken van verandering op Stellenbosch.

En dr Julian Smith se siening oor verandering aan die US is insiggewend. Hy glo die Universiteit kan die toekoms ingaan met nasionaal belangrike strategieë – sonder om in 'n eng sektorale sin oor sy verlede op die verdediging te wees.

“Stellenbosch se roem en statuur hou in groot mate verband met sy unieke geskiedenis. Die inrigting gaan egter ook gebuk onder die negatiewe impak van bagasie uit die verlede, wat die bron kan wees van sy kwetsbaarheid...”

“Met geloof in die krag van sy institusionele karakter, kan die Universiteit dapper stappe neem wat sal bydra tot grondige verandering – sonder dat dit bloot oëverblindery is.”

Dit kan 'n universiteit van “uiterstes” wees, meen Smith – soos om gevorderde tegnologie en mediese navorsing te bedryf, terwyl dit duidelik ook tot opleiding en diensverskaffing op die gebied van primêre gesondheidsorg bydra.

Oor hoe die US móét, en wil en gáán verander, is daar volgende keer baie meer in Matieland.

In dié uitgawe word reeds berig oor die Universiteitsraad wat aansienlik verander het.

Lees ook van die nuwe “liefdesfees” vir Afrikaans, die opening van 'n nuwe skool vir die biologiese wetenskappe, gehalte-erkenning deur 'n akademiese organisasie in Europa, 'n afgetrede ekonomiese professor wat op 81 nog akademies presteer, die topprys vir uitmuntende tegnologie-ontwikkeling wat die US vir sy satelliet-projek se laboratorium gekry het, motgevrete ou kaarte wat gerestoureer is en nou bewaar word, 'n vrou wat die varke-afdeling op 'n US-proefplaas bestuur, en 'n nuwe intervarsity-tradisie met 'n universiteit in die noorde.

Nuwe dinge. Bekende dinge wat in 'n ander vorm herleef. Oud, nuut, déjà vu.

Hoe meer dinge lyk asof dit dieselfde bly, hoe meer wil dit lyk asof dit tog aan die verander is.

Tot volgende keer...

Hans Coetzee

SY SKRYF IN DIÉ UITGAWE



Mattie van der Merwe is 'n Oudmatie wat aan Kommunikasie en Bemaking by die Universiteit verbonde is. Sy is ook ma van drie seuns en vrou van 'n US-dosent in die ekonomie. En sy's 'n taalmens met 'n baie sagte plekkie vir Afrikaans. Nadat sy Afrika se heel eerste woordfees op die Matie-kampus bygewoon het, het sy net een teleurstelling oorgehou: dat sy nie betyds beplan het, voor die tyd genoeg geslaap het en deurnag friskwakker gevoel het om die “Nag van Passie” vir ons taal nóg beter te kon beleef nie. Lees haar indrukke van die fees in dié keer se voorbladberig. **Bladsy 8**

KLIP IN

Klein tegniese foutjie

Met verwysing na u artikel ‘Millenniumkoors?’ deur prof Jannie du Preez (*Matieland* 3:1999), wil ek graag dankie sê vir die baie interessante inligting wat hy hier kernagtig saamgevat het.

Dit is tog jammer dat daar 'n klein tegniese foutjie ingesluit is waar hy skryf dat ons nuwe millennium eintlik op middernag van 1 Januarie 2001 begin. Dit moet eintlik lees: net na middernag van 31 Desember 2000. Om middernag van 1 Januarie 2001, is die nuwe millennium reeds 1 dag oud!

Dr Frans Venter, fisikus, Naschem, 'n divisie van Denel

Mistasting oor die millennium

Ek het die uitstekende artikel wat in *Matieland* 3:1999 verskyn het onder die opskrif “Millenniumkoors?” uit die pen van prof Jannie du Preez, met groot belangstelling gelees. Ongelukkig het die aanhaling van dr van Heerden se argumente dat die volgende millennium eers om middernag van 1 Januarie 2001 moet begin, die artikel ietwat bederwe.

Die artikel stel dit tog duidelik dat die aanvangsdatum van ons kalender eers bepaal is in die sesde eeu nC (*Encarta Encyclopedia* 1999). Hoe kan daar dan nou gestry word oor 'n aanvangsdatum vir ons kalender?

Diegene wat verkondig dat die nuwe millennium eers begin op 1 Januarie 2001, maak gewoonlik dieselfde fout deur te aanvaar dat die aanvang van ons kalender volgens die plan van kundiges geskied het, en veral deur “jaar 1” te verwar met “die eerste jaar”.

Indien die aanvang van die kalender wel volgens plan verloop het, sou die eerste jaar weggespring het op die tydstop 00:00 (zero uur) toe 1 Januarie aangebreek het, en dit het eers jaar 1 geword om 24:00 van 31 Desember, 12 maande later. “Jaar 1” was, soos die nulpunt van die eerste jaar, ook net daardie oomblik wat die oorgang van middernag 31 Desember na 1 Januarie verteenwoordig, want direk na daardie oomblik het die tweede jaar van die kalender begin as 0001 plus die dae en maande wat daarop gevolg het.

Indien die aanvang van die kalender voorafbeplan was, sou datums om heel verstaanbare en praktiese redes soos volg aangegee moes word:

■ In die eerste jaar van die nuwe kalender sou 21 Januarie byvoorbeeld geskryf word as 0000-01-21 en 24 Desember sou geskryf word as 0000-12-24, ens

■ In die tweede jaar sou 21 Januarie geskryf word as 0001-01-21, en 24 Desember sal geskryf word

DIE 'BOSCH

as 0001-12-24; ens.

■ In die tweeduisendste jaar was 21 Januarie geskryf as 1999-01-21, en 24 Desember word geskryf as 1999-12-24.

Die begrip van die eerste jaar word dus oorge- dra deur die syfers 0000 + maande en dae, en die begrip van die tweede jaar word oorge- dra deur 0001 + maande en dae. Dis heel menslik om die datum 0001-01-21, wat in die tweede jaar val, te verwar met "jaar 1", want daar staan dit tog lewensgroot 0001.

Dr van Heerden word só aangehaal: "...as ons met Christus se geboorte as in die jaar 1 begin..." Wat letterlik hieruit afgelei moet word, is dat Christus gebore is toe hy reeds een jaar oud was volgens ons kalender! As hy maar net gesê het dat die eerste jaar begin het met die geboorte van Christus dan was hy korrek, en sou hy 'n ander antwoord gekry het toe hy die einddatum van die tweede millennium bereken het.

Willie Loedolff

Afrikaans is part of the package

I have read the request for more English in your periodical (*Matieland* 3:1999) with interest. Out of an English speaker's view it would have been easiest if your whole periodical was in this language. I believe, however, that it should not be the case. Stellenbosch is an Afrikaans university for all people, and those interested in its doings love it for what it is, and although it might require more energy, we are prepared to learn about it in that language. So please keep the language balance as it is: the Afrikaans is part of the package.

Ian Mc Kinley, Bellville

Dis 'n skande! Of daar's iets verkeerd

In 'n brief in 'n Kaapse dagblad is oor die Universiteit van Stellenbosch gevra: "Is hierdie eens trotse Afrikaanse instelling besig om te verengels as gevolg van geldelike druk deur die Regering, of...?"

Indien so 'n druk opsetlik is, dan is dit skandelik. Indien dit nie opsetlik is nie, dan is daar iets verkeerd met die subsidieformule.

Miskien kan dit vir die US nuttig wees om uit te vind hoe die Franssprekende universiteite in Kanada gefinansier word. Hulle kon waarskynlik ook meer studente kry, en meer geld verdien, indien hulle in Engels doseer, maar ek kan my nie voorstel dat hulle een enkele oomblik so 'n versoeking sou oorweeg nie.

Hier is 'n uittreksel uit 'n brief deur my wat in die South Africa Times UK hier in Londen gepubliseer

is, oor die status van Afrikaans vandag, in Suid-Afrika en aan die Universiteit van Stellenbosch:

"A Norwegian friend in the Cape told me that Stellenbosch University is under pressure to lecture in English. Surely that cannot be, considering that (a) there are two English universities 50 km away in Cape Town, and (b) that almost two thirds of the people in the Western and Northern Cape speak Afrikaans at home.

"This would be like telling the people in Quebec that they should lecture in English, not French. Unthinkable.

"I've also been told that parents who want their children educated in Afrikaans should send them to private schools. Surely such an outrageous proposal would never be accepted by the authorities?

It would be like telling Welsh-speakers in Wales or French-speakers in Switzerland that mother tongue education will no longer be available in free state schools.

After all, Afrikaans is one of South Africa's indigenous languages; in fact the only one "made in SA", as it were.

Mikael Grut, London SW19

No 'Papbroeke' please!

Can a "Visiting academic" who requested more English (in *Matieland* 3:1999) speak any other language besides English? Why not learn Afrikaans? Too lazy? Not much of an academic if you do not want to learn... Please explain to "Visiting academic" what a "papbroek" is.

My recent experiences in Switzerland and Germany once more highlighted the fact that English is not the be all and end all which the English and Americans proclaim it to be. Off the tourist trails the people can't communicate in English. French or German would have helped!

S B (Fanie) Buys, Sasolburg

Krygskunde-fakulteit het eers in 1961 ontstaan

In die berig "Sivvy" word Saldanha se dekaan (*Matieland* 3:1999) is daar 'n glipsie: Die Fakulteit Krygskunde het eers in Januarie 1961 tot stand gekom, en nie in 1955 soos die berig lui nie.

Wat wel waar is, is dat die eerste militêre studente reeds aan die begin van 1955 as eerstejaars aan die US geregistreer het. Hierdie groepie het hul volle studietydperk op Stellenbosch deurgebring. Die eerste 47 kandidaat-offisiere het eers in Februarie 1958 op Saldanha aangekom.

JC (Koos) Kotzé, ouddekaan (1981-'95) van Krygskunde aan die US

Skryf aan: Redakteur: Matieland, Privaatsak X1, Matieland, 7602; faks (021) 808-3800; e-pos jcoost@maties.sun.ac.za

Please write to: Editor: Matieland, Private Bag X1, Matieland, 7602; faks (021) 808-3800; e-mail jcoost@maties.sun.ac.za

Dankie vir die reghelp, prof Kotzé. Die Militêre Akademie vier vanjaar sy halfeeu. Dit is in 1950 in Pretoria opgerig (op Voortrekkerhoogte, die eertydse Roberts' Heights, nou weer herdoopt na Thaba Tshwane) as 'n poging deur destyds se nuwe regering wat in 1948 aan bewind gekom het om 'n instelling soortgelyk aan Sandhurst in Brittanje of die Amerikaners se West Point tot stand te bring. Om verskeie redes was die onderneming, wat 'n vertakking van die SA Weermag- (tans Ieër-) kollege was, aanvanklik nie heeltemal geslaagd nie. Teen 1953 het die opperbevel van die Unie-weermag die akademie herskoei, op die patroon van Indië se nasionale verdedigingskollege, vir opleiding in alle vertakings van die SA weermag. Die akademie is teen die middel-vyftigerjare Saldanha toe geskuif, waar 'n vlootgimnasium reeds gevestig was en met nabygeleë lugmag-opleidingsgeriewe by Langebaan. – Red.



'n Geskiedkundige foto wat vroeg in Desember 1962 geneem is, met 'n voorstellingsparade by die Militêre Akademie op Saldanha waar die US se krygskunde-fakulteit steeds gesetel is. By prof HB Thom (naasregs) wat toe rektor was, en die dekaan, wat destyds ook die pos van bevelvoerder van die Militêre Akademie beklee het, prof (kol) PJG de Vos (heel links) is twee weermag-ringkoppe van daardie tyd: luit-genl RC Hiemstra wat die weermag se adjunk-kommandant-generaal was, en skoutadmiraal HH Biermann, die destydse vlootstafhoof. Lees die brief oor die Fakulteit Krygskunde hier langsaan.

Vir die eerste keer in 32 jaar het die Universiteit minder as twaalf fakulteite

VIER FAKULTEITE WORD TWEE

Landbou- en Bosbouwetenskappe word saamgevoeg en 'n nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe is ook goedgekeur

Toe die nuwe Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe op 1 Januarie vanjaar ontstaan het, was dit die eerste samesmelting van fakulteite in die Universiteit se geskiedenis.

En vanaf 1 Januarie 2001 word nog twee fakulteite, Geneeskunde en Tandheelkunde, saamgevoeg in die nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe.



Ondanks die samesmelting vroeër vanjaar was dit "besigheid soos gewoonlik," sê prof Leopold van Huyssteen, Landbou- en Bosbouwetenskappe se eerste dekaan.

"Om kernbedrywighede soos onderrig, navorsing en dienslewering sinvol voort te sit, moes die departementele strukture, programbeplanning, struktuurplanne en begrotings vir eers onveranderd voortgaan, onderwyl die samevoegingsproses beplan en bestuur word," sê hy.

Operasioneel

Van Huyssteen – wat verlede jaar ná prof Martin Hattingh se aftrede as die dekaan van Landbouwetenskappe oorgeneem het – sê die samevoeging moes weens operasionele redes geskied. "Filosofies gesproke sou 'n mens kon sê daar's 'n tyd om saam te voeg en 'n tyd om te skei," sê Van Huyssteen.

"Feit is, dit strook met die wêreldwye tendens by opleidings- en

navorsingsinrigtings om te mik na groter bestuurseenhede sodat daar onder meer kostebesparing is, maar veral om makliker strategies te kan reageer en posisioneer ten opsigte van jou kernsakebelang en kliënte."

Van Huyssteen sê vermindering van poste was nie 'n oorweging vir die samevoeging nie. Vir die saamgevoegde fakulteite se struktuurplan geld daar geen ander reëls as vir die res van die Universiteit nie.

"Ons strategie sal ons struktuur bepaal. Dit sal onder meer gerig wees op ons kliënte – die student, die bedryf, die staat – dus 'n markoriëntasie wat betref opleiding, navorsing en onderig," het Van Huyssteen gesê.

Reeds 'n eenheid

Die samevoeging van Geneeskunde en Tandheelkunde vanaf 2001 word beskou as 'n amptelike bevestiging van die feit dat albei fakulteite reeds in vele opsigte as eenheid funksioneer.

'n Nuwe enkelstruktuur sal ook 'n optimale bestuursfilosofie bevoordeel, vir die uitdagings wat voorlê asook die ontwikkeling van inisiatiewe soos afstandsonderrig en voortgesette professionele onderig.

Prof Jan Lochner, dekaan van Geneeskunde, sê die proses om die twee fakulteite te verenig, is meer as 'n jaar lank ondersoek, nagevors en deurdink.

"In werklikheid funksioneer die Tygerberg-kampus reeds geruime tyd as 'n eenheid. Ons ondersteuning aan so 'n inisiatief is om as 't ware iets wat reeds de facto is, de jure te maak.

Volle potensiaal

Dr Stephanus Loubser, fasiliteerder van die Nagraadse Bestuurskool, sê die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se struktuur wil 'n stelsel skep waarbinne personeel en die fakulteit as eenheid hul volle potensiaal kan ontwikkel.

Volledige besonderhede oor die nuwe fakulteit is met 'n oorweldigende meerderheid deur Geneeskunde en Tandheelkunde se fakulteitsrade goedgekeur, waarna dit vir goedkeuring na die US-senaat en -raad is en die proses begin het om 'n dekaan vir die nuwe fakulteit aan te stel.

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe sal bestaan uit vyf skole: die Skool vir Basiese Gesondheidswetenskappe; vir Geneeskunde, vir Publieke en Gemeenskapsgesondheid; vir Aanvullende Gesondheidswetenskappe; en vir Mondgeneeskunde.

Daar sal twee mededekane wees. Dié twee poste kan elkeen deur enigiemand uit enige van die vyf skole gevul word.

"In werklikheid funksioneer die Tygerberg-kampus reeds geruime tyd as 'n eenheid."

■ Die Fakulteit **Landbouwetenskappe** (voorheen slegs Fakulteit Landbou) was die Universiteit se vierde oudste fakulteit. Dit was slegs 'n jaar oud en die jongste fakulteit toe die Victoriakollege in 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het.

Landbouwetenskappe lei kundiges op vir vier breë bedryfsvelde: gewasproduksiestelsels, diereproduksiestelsels, voedsel- en wynproduksiestelsels asook landbou- ekonomie en bestuur. Stellenbosch bied Afrika se enigste universiteitskursusse in wynbou en wingerdkunde aan.

■ Die US is ook reeds byna sewe dekades by bosbou-opleiding betrokke. **Bosbou** was sedert 1956 'n volwaardige US-fakulteit, hoewel dié studierigting reeds in 1932 op Stellenbosch ingestel is as 'n departement bosbou in die destydse fakulteit van landbou en bosbou.

Die Universiteit is die enigste in Suid-Afrika en onder baie min in Afrika wat volledige voorgraadse programme in bedryfsbosbou, houtkunde, natuurbewaring en gemeenskapsbosbou aanbied. Die klasse – wat meestal klein genoeg is om persoonlike aandag vir alle studente moontlik te maak – word dus ook in Engels aangebied.



Studente kom van oral in Afrika, selfs van so ver as Eritrea en Sierra Leone, Stellenbosch toe om in die bosbouwetenskappe te studeer. En die bosbouwetenskappe is (soos landbouwetenskappe) lankal nie meer net 'n manswêreld nie!

■ Sedert die US in 1956 voornemende dokters in 'n opslaangebou agter die Karl Bremer-hospitaal begin oplei het, het die Fakulteit **Geneeskunde** tot 'n moderne en hoogs doeltreffende fakulteit ontwikkel. In 1975 is die nuwe akademiese gebouekompleks op die Tygerberg-kampus betrek.

Die fakulteit lewer mensekragontwikkeling in al die geneeskundige vakkundige rigtings, wat verpleegkunde en die aanvullende gesondheidsberoepse insluit.

■ **Tandheelkunde** was vanaf sy ontstaan in 1968 die Universiteit se jongste fakulteit. Sowat 45 tandartse en 20 mondhigiëniste voltooi jaarliks hul studie aan die US.

Tandheelkunde het sy eie opleidingshospitaal op die Tygerberg-kampus, naby die Tygerberg-hospitaal. Dié kampus het twee Matie-koshuise asook 'n studentesentrum met kafeteria, gimnasium- en binnehuise sportgeriewe. N



"Dit strook met die wêreldwye tendens by opleidings- en navorsingsinrigtings om te mik na groter bestuurseenhede"

Hy's Afrikaans in murg en been. Grootgeword op die Kaapse platteland. Slimkopseun en later 'n akademikus van formaat. Uitbinker op die rugby- en krieketveld. Deur **Sybelle Albrecht**

U.S. KRY U.W.K.-MAN AS NUWE VISEREKTOR

Dis volkome "in die gees van die nuwe realiteit in Suid-Afrika"



Sou 'n mens jouself afvra wat die perfekte profiel van 'n Matiestudent teen 1972 was, sou jy nie veel verder gesoek het as Julian Frederick Smith nie.

Slimkopseun van McGregor op die Wes-Kaapse platteland. Afrikaans in murg en been. Boonop 'n rugby- en krieketspeler van formaat.

Was dit nie vir pigmentselle en die wette van daardie tyd nie, sou die jong Julian straks die loopbaanroete gevolg het van die meeste leiersfigure destyds aan die Universiteit van Stellenbosch – van veelsydige Matiestudent en sportman tot akademikus, en uiteindelik rektor of viserektor.

Toe die 46-jarige prof Julian Smith in Maart vanjaar die US se nuwe viserektor bedryf, geword het, was sy CV egter wêreldes verwyder van dié van sy voorgangers. Maar Smith beskou sy aanstelling nie as "anders as die tradisionele nie." Hy meen dis volkome "in die gees van die nuwe realiteit in Suid-Afrika."

Afrikaanse huis

Julian Smith het in 'n Afrikaanse huis op McGregor grootgeword en aan die Esselenpark Senior Sekondêre Skool op Worcester gematrikuleer. Vir die grootste deel van sy akademiese loopbaan was hy verbonde aan die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK).

Na voltooiing van sy BA-graad in 1974, het hy twee jaar lank skoolgehou voor hy in 1976 as lektor in die Afrikaansdepartement van UWK aangestel is. Sy kollegas was bekende bruin Afrikaanse letterkundiges soos professors Jakes Gervel, Ampie Coetzee en Hein Willemsse.

Naas 'n honneurs- en MA-graad, het hy vir sy doktorsgraad in 1978 'n krities-ideologiese studie gedoen van "Kontemporêre Swart Afrikaanse Gemeenskapsteater in die Kaapse Skiereiland."

As akademikus was Smith betrokke by tientalle transformasie-inisiatiewe van die UWK-rektooraat, onder meer op die gebied van sport en kultuur, die ontwikkeling van 'n "people's university"; gevorderde onderlig en akademiese beplanning. Sedert sy aanstelling as registrateur van dié universiteit in 1990, was hy betrokke by die universiteit se finansiële bestuur.

Nuwe konteks

'n Paar jaar gelede sou hy nie eens die Stellenboschpos oorveeg het nie, sê Smith, "maar die konteks het verander en vandag kan ek my heeltemal vereenselwig met die US se beleidsraamwerk en breë institusionele doelwitte."

Hy glo trouens dat die verfyning en implementering van dié beleidsraamwerk, die agterdog kan besweer wat nog steeds bestaan oor die US se erns met transformasie.

In sy termyn as registrateur van die UWK, het hy deeglik vertrouwd geraak met die eise, kompleksiteite,

"Met geloof in die krag van sy institusionele karakter, kan die Universiteit dapper stappe neem wat sal bydra tot grondige verandering - sonder dat dit bloot oëverblindery is."

ritmes en funksionering van 'n universiteit. Sy benadering tot bestuur is inklusief en hy lê groot klem op konsultasie – maar met die wete dat die finale verantwoordelikheid by hom berus.

Die oogmerke wat hy t.o.v. sy gespesifiseerde areas van verantwoordelikheid vir homself as viserektor stel, is om uitnemendheid te verseker – deur strategiese beplanning, die aktiewe nastrewing van gepaste doelwitte, gereelde monitering en doeltreffende kommunikasie. Terselfdertyd sien hy daarna uit om “die aansienlike vaardighede, kundigheid en ervaring wat reeds in die rektorat aanwesig is, aan te vul.”

Hoewel hy aan die stuur staan van die Universiteit se formidabele jaarlikse begroting van sowat R620 miljoen (een van die tien grootste in die Wes-Kaap), wil hy ook betrokke raak by die transformasieproses wat die Universiteit soveel kritiek op die hals haal. “Transformasie is nie net retoriek, 'n teoretiese konsep of slagspreuk nie,” sê hy. “Dit beteken dat dit nie meer ‘business as usual’ kan wees nie.”

Nasionale doelwitte

En in die praktyk? Dit beteken ook dat Stellenbosch nie net meer 'n uitmuntende akademiese inrigting kan wees nie, maar ook nasionale doelwitte moet nastreef, byvoorbeeld in die diversiteit van die personeel- en studenteprofiel en in onderlig en navorsing van groter relevansie in die Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks.

Hy sê Stellenbosch is tegnies baie goed toegerus vir die spesifieke wetlike vereistes, regulasies en instruksies wat in die post-apartheidera aan hoër onderwysinrigtings gestel word. Terselfdertyd egter, staan die Universiteit voor die uitdaging om gevestig te word as 'n opregte en geloofwaardige inrigting wanneer dit kom by die nastreef van nasionale doelwitte.

“Stellenbosch se roem en statuut hou in groot mate verband met sy unieke geskiedenis. Die inrigting gaan egter ook gebuk onder die negatiewe impak van bagasie uit die verlede, wat die bron kan wees van sy kwetsbaarheid.”



Smith glo dat die US 'n universiteit kan wees wat die toekoms ingaan met strategieë van nasionale belang, sonder om in 'n eng sektorale sin op die verdediging te wees oor sy verlede. “Met geloof in die krag van sy institusionele karakter, kan die Universiteit dapper stappe neem wat sal bydra tot grondige verandering – sonder dat dit bloot oëverblindery is.”

Sensitiwiteit

Hy glo die Universiteit moet onverdraagsaam wees teenoor onaanvaarbare houdings en aktiwiteite; teenoor middelmatigheid, die vermorsing van bronne en aspekte soos kriminele gedrag. Terselfdertyd moet daar 'n sensitiwiteit wees vir historiese ongelykheid; vir gesondheidsrisiko's soos HIV/Vigs en vir minderhede.

Stellenbosch kan 'n universiteit van “uiterstes” wees – byvoorbeeld as die

Sy vertoning op die rugbyveld het soveel aandag getrek dat die wit ringkoppe van rugby hul flikkers in sy rigting begin gooi het

tuiste van gevorderde tegnologie en mediese navorsing, en tegeelykertyd 'n duidelike bydrae maak tot opleiding en diensverskaffing op die gebied van primêre gesondheidsorg.

Transformasie is vir Smith niks

nuut nie. Sedert hy in sy eerste jaar aan die Universiteit Wes-Kaapland bang bang aan sy eerste studentepotes deelgeneem het, het hy transformasie en verandering uit alle hoeke leer ken.

Studente-inspraak

By die UWK was hy onder die eerste groep Suid-Afrikaanse studente wat voorspraak gemaak het vir groter studente-inspraak in die bestuur van akademiese inrigtings. En later, as akademikus, het hy hom veral beywer om akademiese en intellektueel gestalte te help gee aan konsepte uit die politieke bewussyn van die 1970's en 80's, soos “people's theatre”, “people's university” en “people's literature”.

Deur die storm en drang van UWK in die apartheidsjare, het Smith ook naam gemaak as kranige sportman, wat nou nog trots is op sy krieket-honderdtal en die paar paaltjies wat hy as student vir UWK ingesamel het.

Dis egter as skrumskakel op die rugbyveld dat hy sy grootste sport-impak gemaak het. Hy was onder meer kaptein van UWK se A-span en sportman van die jaar in 1974, asook sportman van die jaar van die Tygerberg Rugby-Unie (1974) en van die Tigers Rugby Football Club (1977).

Sy vertoning op die rugbyveld het trouens soveel aandag getrek dat die wit ringkoppe van rugby hul flikkers in sy rigting begin gooi en laat blyk het dat daar 'n groot toekoms op hom wag, sou hy bereid wees om sg. “normale rugby” te speel. Dit wou sy beginsels hom egter nie toelaat nie en hy het besluit om voort te gaan om rugby vir die nie-rassige Suid-Afrikaanse Rugby Unie (SARU) te speel.

‘Saru Bokke’ se kaptein

Hy put nou nog groot trots en plesier uit die feit dat hy kaptein was van SARU se nasionale span – die “Saru Springbokke.” Maar hy moet onom-

wonde erken dat hy “'n bietjie bitterheid” oorgehou het oor die rugbygeleentheid wat hom tydens die apartheidera ontsê is.

Hoewel hy sedert sy aanstelling as registrateur aan die UWK in 1991 Engels as administratiewe taal gebruik het, praat Smith, sy vrou, Virginia, en hul twee dogters – Janine en Cherice – Afrikaans aan huis. Janine is 'n derdejaar mediese student aan die Universiteit van Stellenbosch en Cherice is in graad 11.

Smith is nou een van drie viserektore aan die US, nadat 'n derde viserektorspos laat verlede jaar ingestel is. Prof Rolf Stumpf is viserektor: onderlig en prof Walter Claassen viserektor: navorsing. Laasgenoemdes is twee nuwe poste. Smith het as viserektor: bedryf by Stumpf oorgeneem, en Claassen was viserektor: akademies, wat onderlig en navorsing ingesluit het.

"Taal is die rugmurg van identiteit, 'n groot saambindende krag, die enigste waardevolle maatstaf vir 'n gedeelde belewenis, 'n gedeelde geheue"

DEURNAGFEES VIR AFRIKAANS

Mattie van der Merwe vertel van Afrika se eerste woordfees. 'n Fees wat anders was. Waar sowat 60 skrywers en digters uit hul eie werke voorgelees het. 'n Nag van Passie vir 'n taal.



Woordfees-hooforganiseerder, Dorothea van Zyl: "Die tyd was ryp vir ons eie Woordfees. Die meeste skrywers is hier in die Wes-Kaap... Wêreldwyd hou lesers daarvan as skrywers bietjie agter hulle boeke uitklim. Utrecht het nou al hul twintigste 'Nacht van de Poësie' gehad, met kaartjies vooraf uitverkoop. Die wêreldbekende 'Poetry International' is al 30 jaar oud."

Uit sy eie regsboek dra hy die patentreg se geheimenisse met poëtiese passie voor. Werklik roerend, al is dit heelwat bokant ons gewone ouens se koppe! Ons besef darem: Afrikaans kan sy plek in die howe volstaan.

'Apartheidstaal'

Hans-Peter Bakker, die US se Kommunikasie-hoof, wat gereeld oor Afrikaans, die "apartheidstaal" wat ons "blykbaar probeer red", aangevat word, dink die fees was wonderlik. "Eers as ons Afrikaans van sy verkramppte verlede (soms ook hede!) kan bevry, kan ons sê: 'Ons is Afrikaans – en trots daarop!' Die Woordfees het met sy inklusiewe verskeidenheid skrywers en feesgangers gewys dis moontlik."

Nag van Passie is in drie verdeel: Sprokkelster (na 'n digbundel van Marlene van Niekerk) was van sewe-uur tot middernag, Latenstyd (n.av. 'n bundel deur Hennie Aucamp) van een- tot vyfuur in die nanag en Sonklong (na DJ Opperman se onvoltooide bundel) van vyf- tot sewe-uur die oggend. Daar was uur lange tydgleuwe met 'n keuse van vyf parallelle sessies in Sprokkelster, maar enkelsessies vir Latenstyd en Sonklong.

In elke tydgleuf was vier items, meestal skrywers of digters wat uit hul werke voorlees, maar ook sang en kort dramasketse. Seremoniemeesters het hulle bekend gestel. Dit was 'n fees van woorde wat die feesganger se sinne en emosies oorweldig het met 'n amper onhanteerbare ryk verskeidenheid – 'n "bungy"-sprong in vertraagde aksie.

Bekgeveg vir digters

Latenstyd se program – gemik op jeugdiger feesgangers – open met 'n bekgeveg: die gehoor stel 'n tema voor en Louis Esterhuizen ('n ou bekvegter!), Marlies Joubert, Ronnie Belcher en Henning Pieterse kompeteer vir punte deur toepaslike dele uit hul werke voor te lees. Etienne van Heerden, Joan Hambidge en Willem Fransman was van die ander skrywers wat in die nanag opgetree het.

"Ons het nie gekeur of sensuur toegepas nie," sê Dorothea van Zyl. "Al die skrywers wat wou, kon kom voorlees." Maar sy het darem gesorg vir 'n lewendige verskeidenheid. Belcher het "stemmige sonnette" voorgelê, "toe sê Dorothea: 'Ag nee Ronnie man, dié goed is nie stout genoeg nie. Stuur vir ons ander.'" Hy bring toe van sy kostelike volkskwatryne en sorg dat die stresknoppe uit die nekspiere gelag word.

Die doelbewuste wegbeweg van sensuur af het die Woordfees 'n eie karakter gegee. Feesgangers kon digters-in-wording se werk naas veterane s'n hoor – iets vir elke smaak.

Gratis optredes

Buite die HB Thom Teater was 'n verhoog met klanktoerusting, en gratis optredes deur kunstenaars soos Soli Philander, Tyrone Apollis, Loit Sôls, Gert Vlok Nel en die Vrolike Vonkies, 'n Stellenbosse plaasvroue-groep. Dié buitefees was spesiaal vir

"Hei, moenie so lelik laggie ... ons het witmense hier!" onderbreek Soli Philander sy komiese eenmansvertoning buite die HB Thom Teater om 'n luidrugtige verbyganger bek te gee.

Komediant wees, is moeilikheid soek. Soli moes later sy eie medisyne sluk toe 'n bergie, wat saam met ander feesgangers op die hooibale sit en Tassies drink, hom troef met: "Hei, is dý 'n moffie?" Met dié sien die bergie se pël hom reg met 'n hikkap, en die statige Mostertsdriftse "society"-tannies wat nog neffens hulle met gestyfte rûe gewonder het of hulle maar die vertoning staan-staan sal deursien, lê skeef soos hulle lag.

Nou's ons net mooi midde-in Afrika se eerste woordfees, die Nag van Passie. Matie-dramastudente het vroeg dié aand afgeskop met 'n stukkie van hul gewilde *So is ek gebek*, voordat Woordfees 2000 se hooforganiseerder, dr Dorothea van Zyl, 'n dosent by Afrikaans en Nederlands, almal verwelkom het.

Vir alles en almal

In dié Nag van Passie word Afrikaans in sy konteks aangebied – moenie skrik as jy Engels of isiXhosa ook hoor nie – dis Afrikaans vir alles en almal. Met poësie en prosa, toneel en sang word die passie in die feesganger se harte losgewoel!

Wát die fees anders maak, is dat skrywers volgens eie keuse uit hul eie werke kom voorlees. Rektor Andreas van Wyk, in gemaklike klere, vrotel in 'n groot tas en pak boeke uit – een is so 'n dikke. Hy en sy vrou, Magdaleen, lektrise in Verbruikerstudie (vroeër se Huishoudkunde) is albei skrywers.

"Ek kan nie verstaan waarom haar boeke gewilder as myne is nie. Maar julle kan nou self besluit waarvan julle die meeste hou", sê hy en illustreer deur smalend uit een van haar boeke te lees hoe om lamsaal voor te berei. Ons het nooit kon dink "vetkant onder" kan so sinister klink nie.

Die doelbewuste wegbeweg van sensuur af het die Woordfees 'n eie karakter gegee. Feesgangers kon digters-in-wording se werk naas veterane s'n hoor – iets vir elke smaak



Inlas: 'n Deel van die gehoor by die buitefees; **Gert Vlok Nel** het met sy kitaar opgetree; **Soli Philander:** Komediant wees, is moeilikheid soek! **Hooftfoto:** Detail uit die Stellenbosse Oudmatie Piet Grobler se Woordfees-plakkaat, met 'n visuele uitbeelding van Breyten Breytenbach se "ek skryf jou lyf ...". So vinnig as wat die plakkaat opgesit is, het "versamelaars" hulle gegaps! T-hemde met dié ontwerp is steeds teen R55 stuk beskikbaar by tel (021) 808 2158, e-pos dpvz@maties.sun.ac.za

besoekers soos die Villiersdorper wat met haar 70 leerders opgedaag het. Dié kinders kon toe met die digters en skrywers onderhoude voer.

En vir die honger: boerewors, breyani, braairib, hoender, fudge, oliebolle, koffie, wyn en koeldrank by die buitefees se stalletjies.

Die wyntuin buite die Kelder Teater het groot aftrek gekry. Hier betrap hanekraai vir Philander, Dianne Ferrus en 'n klompie studente, spontaan aan die sing om die klavier.

In Junie verlede jaar al begin timmer die Woordfees se organiseerders saam met die Departement Drama aan 'n konsep. Johan Esterhuizen, Kobus Rossouw en Marie Kruger van Drama was dadelik geesdriftig.

Kaapse stem

Die HB Thom-kompleks het die infrastruktuur vir so 'n fees. Einde Junie word begin om skrywers te nooi. Daar's gereken op 30, maar 'n week voor die fees is met 60 hekke toegemaak! Die sterk opkomende Kaapse stem is goed verteenwoordig.

Borge vir die fees was veral MTN en die tydskrif Insig en PSG-beleggingsdienste asook die Nederlandse konsulaat-generaal, die staats-presidents-trust vir kuns en kultuur, Toyota, en die Het Jan Marais-trust. Toe die borge vroeg-Desember ja sê, moes dinge vinnig gebeur! Nogtans was Afrika se eerste woordfees 'n groot sukses.

"Beginnersgeluk?" skerts 'n moeg gewerkte maar tevrede Ronel Foster, Afrikaans-dosent en mede-feesorganiseerder. "Nou moet ons ons Woordfees elke jaar hou." Sy hoop op infrastruktuur-hulp van die Universiteit af "om dié nuwe telgie groot te maak"

"Ons wil die buitefees 'n bietjie uitbrei," sê Dorothea. "... 'n Nederlandse mark, Afrika- en Maleierkos." Die planne is nie naastenby opgebruik nie!

Digters sedert 1652

Gerrit Komrij uit Nederland het *Die Afrikaanse Poësie in 'n Duisend en Enkele Gedigte by die Woordfees bekend gestel. Sy nuwe bloemlesing, grootste nóg uit die Afrikaanse digkuns, bevat 'n keur van hoogstens tien gedigte van elke noemenswaardige digter sedert 1652.*

Taal is vir hom die rugmurg van identiteit en 'n groot saambindende krag: "...die enigste waardevolle maatstaf vir 'n gedeelde belewenis en 'n gedeelde geheue. ...As die taal die siel is van identiteit, en dit is so, en as die poësie die siel is van die taal, en dit is so, dan is die poësie ten slotte dit waarby die voortbestaan van 'n eie kultuur staan of val."

In sy digbundel se voorwoord skets hy kortliks hoe sewentiende-eeuse digters eers as ontdekkingsreisigers en later as gevestigde burgers oor die Kaap geskryf het. Hoe Afrikaans in die agtiende eeu onstuitbaar in die amptelike Nederlands "deurgesypel" het, en uiteindelik aan die einde van die agtiende eeu die skryftaal word. (Nou lewer dit direkte, konkrete poësie, sonder om die naïwiteit en humor te verloor.

Afrikaans het 'n "soepel en trefseker instrument geword omdat dit, in die eerste plek, teenoor 'n oorheersende taal voortdurend op sy hoede moes wees en, ten tweede, omdat dit deur sy jeug en die relatiewe gebrek aan tradisie onophoudelik nuwe vondse moes maak."

Wes-Kaapland het die enigste jaarlikse simposium oor Afrikaans vir hoërskool-opvoeders. Die grootste een nog was vanjaar op Stellenbosch

U.S. BRING SY KANT MET AFRIKAANS-SIMPOSIUM

Dit voorsien in 'n heterogene gehoor se behoeftes en is 'n belangrike datum op Wes-Kaapse Afrikaans-opvoeders se almanakke.

Afrikaans is 'n nasionale bate. Die tyd het aangebreek vir 'n nie-rassige, intellektuele debat oor Afrikaans.

'n US-oudraadslid, prof Jakes Gerwel, het dié mening uitgespreek by die derde jaarlikse simposium vir Wes-Kaapse Afrikaans-onderwysers. Dis die enigste simposium van hierdie aard in die land.

Sowat 400 van die provinsie se hoërskool-onderwysers was in Februarie by vanjaar se simposium, by die US. Oudmaties en US-dosente was nou betrokke by die eerste simposium, voorverlede jaar by Ikeys, en verlede jaar s'n by UWK. Die bywoningstal het van 250 in 1998 en 340 in 1999 gestyg.

Drie universiteite

Die Letterkunde-Ondersteuningskomitee (LOK), 'n inisiatief van die universiteite van Stellenbosch, Wes-Kaapland en Kaapstad asook die Wes-Kaapse Onderwysdepartement reël die simposium.


Gerwel, vanjaar se geleentheidspreker, het verbintenisse met al drie dié universiteite, want hy was vroeër 'n letterkundedosent en toe rektor by die UWK en is nou professor aan die UWK én die UK.

Die simposium was die breinkind van prof Johan Smuts van die US en is oorspronklik vyf jaar lank op Stellenbosch aangebied. Die bywoningsgetal was tussen 80 en 150 onderwysers. Ná samesmelting van die voorheen geskeie skoolsektore het 'n Oudmatie, me Ronel Foster van die US, samesprekinge geïnisieer met vakkundiges van die nuwe Onderwysdepartement. Twee ander Oudmaties, prof Wium van Zyl van UWK, wat

jare lank alleen 'n reeks studiegidse vir skole van die Raad van Verteenwoordigers bedryf het, en prof Chris van der Merwe van Ikeys het

toegetreë tot die vennootskap en so het LOK tot stand gekom.

Prof Andreas van Wyk het as US rektor en



visekanselier die simposium-gangers by 'n skemeronthaal verwelkom. By die onthaal was daar 'n voordrag uit *Die verdwyning van Mina Afrika* deur 'n Afrikaans-tweedetaalspreker wat

verlede jaar gematrikuleer het, asook 'n aanbieding deur US-dramastudente uit hul program *So is ek gebek*. Die boekuitstallings en -verkopings deur verskillende boekhandelaars het groot aftrek by die simposiumgangers gekry en gratis eksemplare van *Die Burger* is Saterdagoggend vinnig opgeraap!

Koste laag gehou

Om die inskrywingsgeld laag te hou, is skenkings verkry van Santam, die Het Jan Marais Nasionale Fonds, die dekaan van Lettere en Wysbegeerte aan die US asook 'n aantal wynmaatskappye, kelders en boere.

Die skenkings was ook nodig vir die volledige reeks studiegids oor voorgeskrewe boeke wat weer vanjaar beskikbaar gestel is. Om skrywers hiervoor te reël, dit te redigeer en te laat druk, en die bestellings te hanteer, was die taak van dr Dorothea van Zyl van die US (ook

Die simposium voorsien in die behoeftes van opvoeders wat Afrikaans as eerste-, tweede- en selfs as vreemdetaal onderrig

'n Oudmatie) en haar man, prof Wium van Zyl (UWK).

Naas die 400 onderwysers van oral uit die provinsie was daar ook sowat 10 komiteelede asook 30 lesing- en werksinkelaanbieders (dosente, vakadviseurs en onderwysers). Die simposium voorsien in die behoeftes van opvoeders wat Afrikaans as eerste-, tweede- en selfs as vreemdetaal onderrig. Hulle kom nie net uit die provinsiale onderwysdepartement se skole nie, maar ook uit godsdiens- en privaat skole.

Volgens die simposiumgangers se spontane reaksie was die simposium 'n groot sukses. Dit voorsien in 'n heterogene gehoor se behoeftes en die LOK-simposium het 'n belangrike datum op Wes-Kaapse Afrikaans-opvoeders se almanakke geword.

Finale skoolfase

Die simposium is veral bedoel om vroeg in die

skooljaar leiding aan opvoeders te gee oor die letterkunde-onder- rig in die finale skoolfase. Daar word klem gelê op die benutting van die letterkunde vir die bewusmaak van die waardevolle

potensiaal van kultuurmanifestasies in verskillende gemeenskappe, veral in 'n ontwikkelende land.

Vernuwing word elke jaar nagestreef. Plenêre en parallelle sessies het plaasgevind en daar is vanjaar ook reg laat geskied aan die werksinkelformaat.

Naas lesings oor voorgeskrewe boeke was daar vanjaar onder meer verrykingslesings oor onlangse ontwikkelinge in die Afrikaanse letterkunde; die gebruik van multi-media en die internet in die onderrigssituasie; en genderbewussyn in die klaskamer.

Die simposium en studiegidsprojek het so uitgebrei dat dit oorweeg word om take uit te kontrakteer of om bykomende hulp vir die komitee van ywerige, geesdriftige vrywilligers te kry, sê LOK-voorsitter, Ronel Foster van die US. "Dié vrywilligers lewer gemeenskapsdiens in die ware sin van die woord."

M



“Al 30 miljoen dierespesies ontspring uit die mikrokosmos – bron van grond en lug, en wesensvoorwaarde vir ons eie oorlewing.” Deur **Carol Campbell**

TOPWETENSKAPLIKE UIT V.S.A. BY SKOOL SE OPENING

Margulis se lewenstaak: om simbiose te verstaan... om die geheime te ontrafel waarvolgens die bestaan van alles begryp kan word.



Alles het by Adam en Eva begin. Nie? Toegee – dalk by die ape en bobbejane. Ook nie? Goed dan, by bakterieë? Gestel plante, diere en lewe – soos ons dit ken – het ontstaan toe bakterieë, die kleinste lewensvorm, saamgesmelt het om groter selle, die oeroorsprong van alle lewe, te vorm? Nog erger, gestel nuwe spesies kan ontstaan vanweë simbiotiese samesmeltings met ou selle?

Sulke aansprake versteur die ganse mensdom se fundamentele oortuigings. Waar pas die Skepper in? Word nuwe plant- en dierespesies gedurig geskep? Hoe het bakterieë aanvanklik ontstaan?

Met vrae soos dié hou Lyn Margulis, hoogaangeskrewe professor in die geowetenskappe op die Universiteit van Massachusetts se Amhurst-kampus haar besig.

Skool vir Biologiese Wetenskappe

Sy was vroeër vanjaar op haar eerste, lang verwagte besoek aan die Universiteit van Stellenbosch – vir die dié amptelike opening van die Skool vir Biologiese Wetenskappe, in die nuwe deel van die JC Smuts gebou vir Biologiese Wetenskappe.

Margulis het 'n voorlesing gehou oor *The Symbiotic Planet: A new look at Evolution*, wat ook haar jongste boek se titel is.

Charles Darwin, grondlegger van die moderne biologie, het “nie ver genoeg gegaan nie.” In dié boek sê sy: “Al 30 miljoen dierespesies op aarde ontspring uit die mikrokosmos. Die mikrobe-wêreld, bron en oorsprong van die grond en die lug, is 'n wesensvoorwaarde vir ons eie oorlewing.”

Margulis se lewenstaak is om simbiose te verstaan: hoe organismes fisies geassosieerd voortbestaan. En hoe die fisiologies-gereguleerde Aarde (of Gaia, soos sy dit in haar boek noem) die geheime bewaar waarvolgens die bestaan van alles begryp kan word.

Vreemde, ingewikkelde mengsel

Simbiose en Gaia saam is 'n vreemde, ingewikkelde mengsel, maar lees 'n mens haar boek, besef jy hulle is onlosmaaklik verbind.

Van haar sienings is vertroostend: Moeder Aarde sorg vir haarself en sal voortbestaan lank nadat die mensdom homself verwoes het.

Margulis se denke was nog altyd sterk onafhanklik. Vir haar studente-tydgenote was haar idees soms raar en verregaande. Dalk het hulle nie begryp dat haar voorgaande grondslag in die vrye kunste aan haar 'n veel wyer wetenskapsiening gegee het nie. In haar boek word dit so beskryf: Hoewel ander aanvanklik ewolusie bestudeer het en sy nie, het dit waarmee hulle aan die oorkant van die kampus bedrywig was alles te make gehad met wat sy aan die duskant deur die mikroskoop bespied het.

Haar (eerste) huwelik met die wêreldbekende sterrekundige Carl Sagan het baie gehelp om haar siening van die wêreld te vorm – en bepaal hoe sy haar werk benader. Sy geesdriftige, onversadigbare strewe om die heelal se ontstaan te begryp, het haar aan die begin van haar akademiese loopbaan oor dié onderwerp aan die dink gesit.

Denkriktig ingeslaan

Dié huwelik was op 'n tyd toe sy nog haar “spesiale” belangstelling probeer bepaal het. Sagan se invloed, en 'n besielende genetikakursus by Wisconsin, het haar dié belangstelling gegee. Sy het 'n denkriktig ingeslaan wat nou al 40 jaar nooit verflou het nie.

Margulis het 'n indrukwekkende lys toekennings gekry vir haar merkwaaardige opvattinge en gedagterigtinge: eregrade, medaljes, stipendiums, en van pres Bill Clinton die Amerikaanse nasionale wetenskapsmedalje.

Sy het meer as 130 navorsingsartikels en hoofstukke in meer as 100 boeke geskryf, talle films, video's en skyfievertonings gemaak en baie onderrigmateriaal saamgestel. En deurentyd met studente saamgewerk, as studieleier vir meer as 20 meesters- en 16 doktorskandidate. Haar

referaatvoordragte in meer as 150 lande was dikwels in Spaans, Italiaans en Frans – wat sy goed praat.

Die gebou is vernoem na die eertydse staatsman Jan Smuts, 'n oudstudent van die Universiteit se voorganger, die Victoria-kollege

Skool vir Biologiese Wetenskappe:

VLEUEL VAN R40 MILJOEN AMPTELIK GEOPEN

Die Skool vir Biologiese Wetenskappe is onlangs bekend gestel. Dit is gesetel in die JC Smuts Gebou se nuwe vleuel van sowat R40 miljoen.

In die skool is sewe departemente van die fakulteite Natuurwetenskappe asook Landbou- en Bosbouwetenskappe. Drie van hulle (Biochemie, Genetika en Mens- en Dierfisiologie) is in die nuwe vleuel.

Die ander vier is Botaniese, Entomologie en Nematologie, Mens- en Dierfisiologie asook Soölogie.

Botaniese tuin

Bykomende geriewe vir die skool is die Instituut vir Plantbiotegnologie (in die Departement Botaniese) asook die Universiteit se bekende botaniese tuin, wat 'n integrale deel van dié departement is.

Die skool is voorverlede jaar gestig, om opleiding en navorsing in die biologiese wetenskappe te bevorder. 'n Oogmerk van die skool is ook om dié veld aan die US tot in die buiteland bekend te stel.

Meer as 60 akademici (bygestaan deur tegniese en administratiewe personeellede) is by die skool ingeskakel.

Jan Smuts

Die skool se bekendstelling het saamgeval met die ingebruikneming van die JC Smuts-gebou se nuwe vleuel. Die gebou se ouer deel is broeg in 1982 in gebruik geneem, en toe



vernoem na die eertydse staatsman Jan Smuts, wat 'n oudstudent van die Universiteit se voorganger, die Victoria-kollege, was.

Sowat 400 gaste was by die bekendstellings- en ingebruiknemings-plegtigheid, waar prof Andreas van Wyk as rektor en visekanselier 'n plakiet onthul het.

'n Wêreldbekende Amerikaanse wetenskaplike, prof Lynn Margulis van die Universiteit van Massachusetts, het by die plegtigheid 'n geleentheidslesing aangebied (berig op bl. 12). Die Skool vir Biologiese Wetenskappe se huidige hoof, prof Bernard Prior van die Departement Mikrobiologie, het Margulis hierheen genooi – haar eerste besoek aan Suid-Afrika. **N**

Bo van links: Bernard Prior, die Skool vir Biologiese Wetenskappe se hoof; Andreas van Wyk en Lynn Margulis, nadat hy die plakiet onthul het.

US erf R6,56 miljoen uit 39 boedels

Twee Oudmaties, 'n oudredakteur van Huisgenoot en 'n gevierde maatskaplike werker, se bemakings wat die Universiteit verlede jaar gekry het, was saam byna R4 miljoen.

Nog 'n Oudmatie, 'n afgetrede onderwyseres, het meer as 'n halfmiljoen aan haar alma mater nagelaat.

Die Universiteit het in 1999 altesaam R6 561 049 uit 39 verskillende boedels ontvang.

Die grootste, meer as R2,7 miljoen, was van Afrikaanse taalman mnr JJ (Johan) Spies wat onder meer gedurende 1954-'59 Huisgenoot se redakteur was.

Johan Spies was baie lank aan Naspers ver-

bonde, asook betrokke by die uitgee van ensiklopedieë en die opstel van woordeboeke. Hy het sy groot boedel deur die jare met oordeelkundige beleggings in aandele en eiendomme opgebou.

Maatskaplike werk

Dr HC (Hendrien) Lambrechts, wat 'n jarelange verbintenis met die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) gehad het, het 'n miljoen rand aan die Universiteit nagelaat, vir die bevordering van maatskaplike werk en wiskunde.

Me Corrie Burger, 'n Oudmatie wat op Kenhardt, Calvinia, Bonnievale, Aurora en

Piketberg asook in Oos-Londen skoolgehou het, het R536 137 aan die US bemaak. Sy was baie gestel op die gebruik van Afrikaans en het bepaal dat die Universiteit haar bemaking ter befondsing van dié taal in die Departement Afrikaans en Nederlands moet gebruik.

Die ander 36 kleiner bemakings wat die US verlede jaar gekry het, het gewissel van R1 000 tot R20 000. Die Universiteit waardeur elke bemaking wat ontvang word, sê Philip de Witt van Bemaking & Kommunikasie aan die US. Skakel hom vir enige navrae oor bemakings aan die US: tel. (021) 808 4638, e-pos padwi@maties.sun.ac.za **N**

Die "European Quality Improvement System" (EQUIS) se "European Quality Label" is aan die USB toegeken – ná sowat 'n halfjaar se streng akkrediteringsproses

BESTUURSKOOL KRY 'GEHALTE-ETIKET'

Daar is 33 ander skole met die EQUIS-akkreditering. Dit bied toegang tot 'n netwerk van sowat 390 lidorganisasies in meer as 40 lande

Die Nagraadse Bestuurskool (USB) is die eerste in Afrika en slegs die tweede buite Europa om die "European Foundation for Management Development" (EFMD) se akkreditasie te kry.

Nadat die bestuurskool as 'n kandidaat vir akkreditering aanvaar is, was 'n omvattende self-evalueringsverslag nodig. Vroeg vanjaar het 'n komitee van vier internasionale ouditeurs die USB kom beoordeel en hul finale verslag aan EQUIS se die toekenningsraad voorgelê. Dié liggaam het toe besluit om die USB te akkrediteer.

Die USB se direkteur, prof Eon Smit, sê in 'n mark waar heelwat bestuurskole hulleself "internasionaal" noem, is dié "gehalte-etiket" die finale aanwyser. Dit geld vir die bestuurskool se MBA- en bestuursontwikkelingsprogramme, asook kliëntediens en navorsing.

Die EQUIS-merk beteken: die USB het die strengste internasionale gehaltebeheer geslaag, en bied dus 'n leerervaring van wêreldgehalte teen plaaslike pryse.

Gesetel in België

Die EFMD, gesetel in Brussel, is Europa se forum vir inligting, navorsing, skakeling en gespreksvoering oor vernuwing en beste praktyke in bestuursontwikkeling.

Dit vorm 'n Europese netwerk van mense en organisasies met 'n belang in bestuursontwikkeling – 'n brug tussen verskillende kulture, asook na ander toepaslike netwerke



Prof Eon Smit "Dié 'gehalte-etiket' is die finale aanwyser."

regoor die wêreld. Die liggaam bevorder ook gehalte-bestuursopleiding en stimuleer leer en vernuwing rakende mensontwikkeling.

Die USB, wat meer as 'n dekade al 'n EFMD-lid is, het nou aangesluit by 33 ander skole met die EQUIS-akkreditering. Met drie van dié skole het die USB reeds internasionale ooreenkomste: die Ashridge Management College in Brittanje (berig op bl 15), die Rotterdam School of Management/Erasmus Graduate School of Business in Nederland en die WHU Koblenz, Otto Beisheim-bestuur-

skool in Duitsland.

Die EFMD het 'n netwerk van meer as 390 lidorganisasies in meer as 40 lande – 'n ryke verskeidenheid organisasies wat voorste bestuurskole en bestuursontwikkelingsentrums asook groot maatskappye en konsultantgroepe insluit. Die EFMD het noue bande met die Amerikaanse sakeskole-organisasie.

Europese benadering

EQUIS is 'n gehalteverbeteringstelsel wat akkreditering verskaf ter erkenning van hoë internasionale gehalte. Die Europese benadering tot internasionale bestuursopleiding kenmerk dié stelsel.

EQUIS verskaf markinligting aan studente en werkgewers oor watter inrigtings in hul eie nasionale omgewing hoë aansien verwerf het, en voldoen aan internasionale standaarde vir gehalteverskaffers van sake-opleiding.

Vir EQUIS-akkreditering moet bestuurskole aan hoë internasionale standaarde voldoen, 'n beduidende vlak van internasionalisering handhaaf, en die korporatiewe wêreld se behoeftes moet goed geïntegreer wees in die skool se programme, aktiwiteite en prosesse. Daar word ook vereis dat 'n bestuurskool in sy nasionale omgewing deur die mark as 'n belangrike gehalte-inrigting erken word. ■

Regs van bo af: Die US se Bellvillepark-kampus, waar die bestuurskool gesetel is; In die USB se biblioteek, wat deel is van die JS Gericke-biblioteek op die hoofkampus; Studente in 'n lesingsaal by die bestuurskool.



USB en voorste Britse sakeskool werk saam

Die Nagrade Bestuurskool (USB) het 'n samewerkingsooreenkoms gesluit met sy Britse top-eweknie, Ashridge Management College in Engeland.

Dit beteken dat die USB nou Ashridge se enigste amptelike "vennoot" in Afrika is. Die Stellenbosse bestuurskool sal van Ashridge se programme in Suid-Afrika bemark.

Die gehalte van Ashridge se bestuursopleiding word baie hoog aangeslaan. Londen se Financial Times het Ashridge onlangs aangewys as een van die tien topverskaffers van hoëvlakbestuursopleiding ("executive education") ter wêreld.

Die ooreenkoms behels dat die USB en Ashridge gesamentlik nommerpas-programme vir Suid-Afrikaanse sakeondernemings sal saamstel en aanbied, hetsy hier of oorsee. Met Ashridge se ondersteuning kan die USB ook 'n omvattende konsultasiediens aanbied.

Dienslewering

USB-direkteur prof Eon Smit sê sy bestuurskool is trots op dié ooreenkoms. "Dit gee erkenning aan ons akademiese status, die internasionalisering wat reeds bereik is en die vlakke van dienslewering waarvoor die bestuurskool bekend geword het." En dié vennootskap stel die USB in staat om hoëvlak bestuursontwikkelingsprogramme van wêreldgehalte tot sy portefeulje toe te voeg.

Die ooreenkoms gee die USB toegang tot Ashridge se gevorderde hulpbronsentrum ("Learning Resource Centre") wat 'n uitgebreide reeks leermateriaal en inligtingbronne huisves. Internettegnologie stel dié dienste wêreldwyd aan vennote beskikbaar.

Ashridge gebruik nou onder meer 'n aanlyn-rekenaarstelsel om die regte leeromgewing vir bestuursders te skep – deur die intranet van 'n bestuurder se onderneming of deur CD-Rom.

NI

Grootste in S.A.

Die USB bied naas sy MBA-programme ook 'n wye reeks bestuursontwikkelingsprogramme aan. Met sowat 700 volttydse, deelttydse en modulêre MBA-studente asook meer as 2 000 deelnemers wat jaarliks die bestuursprogramme volg, is dit Suid-Afrika se grootste residensiële bestuurskool.

USB-programme (aangebied in Afrikaans en Engels of slegs Engels) is gemik op die ontwikkeling van hoëvlak-bevoegdhede wat 'n organisasie se sukses in onstabiele omgewings asook tye van snelle verandering kan verseker. Elke student word geëvalueer met toetse waartoe slegs die USB internasionaal toegang het.

NI

Nederlandse, Franse en Britse kartograwe se werk van drie eeue gelede het dekades lank vergete in 'n ou lessenaarlaai gelê. Deur **Malene Breytenbach**

MOTGEVRETE OU KAAARTE 'N UNIEKE VONDS

Koning Lodewyk XV se hoofkartograaf het minstens een van die ou Afrika-landkaarte, in 1714, gemaak



Die Departement Geskiedenis se sekretaresse het op motgevrete, verwaarloosde Afrika-kaarte in ou lessenaarlaaie afgekom. “Ek het onmiddellik besef dis waardevolle, unieke Africana.”

Hannah Hayter het kaarte ontdek wat dekades gelede deur prof Piet van der Merwe (afgetree in 1977 en oorlede in 1979) versamel en gebêre is. Dit, en 'n litografie, is geres-toueer en pryk nou in die departement se personeelkamer.

Die restoureerder van dié Africana skat, mnr Henri Wirth, wat jare al in die JS Gericke biblioteek werk, bestempel dié vonds as

“onvervangbaar en daarom van onskatbare waarde.”

Beste restoureerder

Hayter het die kaarte na Kaapstad geneem om te laat waardeer en restoureer, maar later besef die beste restoureerder is op Stellenbosch. Wirth is volgens dr Chris Venter, dosent in die departement, 'n man met 'n “ongelooflike vermoë”.

Venter sê mev Hayter se vonds sal veral oor drie jaar, as die departement sy eeufees vier, 'n

besondere betekenis hê.

Hannah Botha, hoof van die JS Gericke Biblioteek se spesiale versamelings, asook ander personeel-

lede van die biblioteek se Africana-afdeling, het gehelp om meer inligting oor die kaarte te versamel.

Waardvolste

Daar is nege kaarte waarvan die enigste Nederlandse een die waardevolste is. Dit kom uit die versameling *Caarte van de beyde afgelegendste colonien Drakenstein en Waveren*, uit die Lakeman uitgawe van die beroemde reisbeskrywing van Peter Kolbe; *Naaukeurige beschryving van de Kaap de*

Goede Hoop, wat in 1727 in Amsterdam gepubliseer is.

Sommige van die kaarte is van Franse oorsprong. Die bekende Guillaume Delisle, die hoofkartograaf van Lodewyk XV, het in 1714 *Orbis veteribus Noti Tabula* gemaak en waarskynlik ook *Hemisphere Orientale*.

Alexander Hubert Jaillot (1632-1712) het *L'Afrique divisé suivant l'extendre de ses principales parties* gemaak – wat nou waarskynlik R20 000 werd is.

Robert de Vaugondy (1688-1766) het *L'Afrique dressée sur les relations les plus recentes et asujettie aux observations astronomiques* gemaak. Guillaume Delahaye het dié kaart se graving gedoen, asook waarskynlik dié van kaart 9, wat nie geïdentifiseer kan word nie.

Britse kartograaf

Nog 'n Britse kartograaf, Emanuel Bowen, het *A New and Accurate Map of the southern parts of Africa* gemaak wat in 1747 verskyn het.


Daar is ook 'n litografie van die Heere Logemont, die grot op die plaas Hotwegfontein naby die Ratelfontein-spoorweghalte in die distrik Vanrhynsdorp. Dit kom uit die beroemde agtiende eeuse reisiger, Francois Levallant, se reisbeskrywing *Second Voyage dans l'intérieur de l'Afrique par le Cap de Bonne-Espérance, dans les années 1783, 84 et 85*. Die grot was 'n baken vir ontdekkingsreisigers en baie het hul name op die rotswande daar uitgekrap.

N

Oorkant, links: *Orbis veteribus Noti Tabula* (1714) is deur Lodewyk XV se hoofkartograaf gemaak. Regs bo: 'n Kaart (moontlik uit 'n atlas van 1674) sonder 'n titel, met net 'n teks waarin eienskappe van die geografie beskryf word. Middel regs: 'n Kaart uit 'n atlas wat in 1757 in Frankryk uitgegee is. Regs onder: Nog 'n Franse kaart, gedateer 1762.



Dr Chris Venter, dosent in geskiedenis, Hannah Hayter wat die kaarte ontdek het en Henri Wirth, die restoreerder.



Sybelle Albrecht het gesels met prof Jan Sadie, die sjarmante, fynbeskaafde, moderne Afrikaner-intellektueel wat deur die jare 'n blywende indruk op honderde studente gemaak het. Op 81 is sy intellek nog voortdurend geolie. Daar's selde tyd vir stilsit

AKADEMIA, DIE ALLES VAN DIE GOEIE LEWE

Met wetenskaplike presisie ontleed hy 17 jaar na sy aftrede nog altyd demografiese tendense: die hoë swart en dalende wit bevolkingsgroei se implikasies vir produktiwiteit, armoede en werksgeleenthede



© ANTON JORDAAN

Doktorale verhandeling

Dit is met dieselfde wetenskaplike presisie dat hy demografiese tendense in Suid-Afrika onder die loop neem in die doktorale verhandeling wat hy pas die lig laat sien het, bykans sewentien jaar nadat hy amptelik afgetree het: die hoë bevolkingsgroei in swart gemeenskappe en steeds dalende bevolkingsgroei van die blanke groep, en die implikasies wat dit inhou in terme van produktiwiteit, armoede en werksgeleenthede.

Dat net 'n volgehoue belangstelling in die wêreld en in jou vakgebied so 'n formidabele brein kan slyp, besef 'n mens as jy met dié gerespekteerde ekonoom gesels in sy kantoor wat hy deur die jare van sy aftrede teen 'n jaarlikse huurgeldjie in die CGW Schumanngebou behou het.

Dat so 'n gesonde brein boonop gehuisves word in 'n liggaam wat ná 81 jaar aansienlik minder van die gewone tekens van slytasie toon, moet sekerlik te danke aan wees aan die gesonde lewenstyl en oefenprogram wat die gesondheidskenners predik. Nie in sy geval nie, sê Sadie. Hy het hom nooit veel aan dinge soos oefening gesteur nie en hy kan maar net dink dat dit iets met genetica te doen het.

Dit help natuurlik dat sy vakgebied inderwaarheid ook sy stokperdjie is – op dié manier bly sy intellek voortdurend geolie. Daar was trouens sedert sy aftrede selde tyd vir stilsit. Dit was juis terwyl hy ná sy aftrede as buitengewone dosent by die Universiteit van Pretoria werksaam was, dat die grondslag gelê is vir sy tweede doktorsgraad.

In sy loopbaan van meer as vier dekades was hy telkens in die spervuur – van politici en andere wat nie hul troetelteorieë met ekonomies-wetenskaplike feite afgeskiet wou hê nie

Deur en deur 'n Kapenaar

Benewens die agt, nege jaar in Pretoria, is Jan Sadie deur en deur 'n Kapenaar: meer as vier dekades aan die US verbonde – eers as student en later as dosent en hoof van Ekonomie. En in 1944 een van die grondleggers van die Buro vir Ekonomiese Onderzoek (BEO), die US se oudste navorsingsinstelling, waarvan hy in 1973 direkteur sou word.

“Prof Sadie het in dié verband sy grootste rol gespeel,” skryf die vorige rektor van die US, prof Mike de Vries, in 1983 toe Sadie afgetree het. “Met sy ontsagtelike kennis van die bevolking- en ekonomiese demografie, sy eie trefende standpunt-formulering (waarby hy gestaan het ongeag die gewildheid daarvan) en sy verstommende belesenheid, was hy een van die vername

Om die ouderdom van 81 te haal sonder té ernstige ongevallen, bly 'n mylpaal, selfs in dié dae van moderne medisyne en hoë tegnologie.

Maar om op 81 'n tweede doktorsgraad te verwerf, is 'n prestasie waarvan die gelyke nog nie vantevore aan die Universiteit van Stellenbosch gesien is nie.

Aan die ontvangkant: prof Jan Sadie – formidabele ekonoom en demograaf, afgetrede hoof van die Departement Ekonomie, voormalige direkteur van die Buro vir Ekonomiese Onderzoek en die oudste student wat nog 'n doktorsgraad van die Universiteit ontvang het.

Iemand het eens geskryf dat langsliewendheid in Suid-Afrika afhang van 'n mens se vermoë om uit die spervuur van 'n AK47- of R1-geweer te bly. Sadie het in sy loopbaan van meer as vier dekades telkens in die spervuur beland – nie van AK47's nie, maar die spervuur van die politici en diegene wat nie gehou het van die presisie waarmee hy politieke troetelteorieë met ekonomies-wetenskaplike feite afgeskiet het nie.



Links: 'n Jong Jan Sadie as lid van die Tomlinson-kommissie (1950-'54) wie se verslag 'n hoeksteen van die destydse beleid oor swart "tuislande" was.

Heel links: Sadie (regs) by sy opvolger as BEO-direkteur, wyle prof Attie de Vries (die broer van oudrektor Mike de Vries).

boumeesters van die Buro. Hy was in vele opsigte die Buro."

Hoewel Sadie deurgaans aan die US verbonde was, word sy loopbaan gekenmerk deur wye internasionale betrokkenheid – as besoekende professor in lande soos Nederland, België en Duitsland; as navorser by die VVO in New York en die Internasionale Arbeidsorganisasie in Genève, as demografiese adviseur van die VV vir Latyns-Amerika in Santiago-de-Chile en as ekonomiese adviseur van die destydse Rhodesiese regering.

Ook in Suid-Afrika was hy aktief betrokke by talle van die ou politieke bedeling se belangwekkendste ondersoeke oor politiek-ekonomiese aangeleenthede: soos die Tomlinson-kommissie (waaroor hy vandag nog met skerp ironie kan gesels), Kleurlingonderwys-kommissie, Du Toit-kommissie oor blanke bewoning van plattelandse gebiede, (Erika) Theron-kommissie en komitee vir Demografiese Navorsing van die ou RGN.

Sabra en Verwoerd

Hoewel sy pad dikwels gekruis het met belangrike historiese figure uit die ou bedeling, was dit as lid van die SA Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra), waar Sadie dikwels in trompop botsing gekom het met mense soos dr HF Verwoerd en die ander groot argitek van apartheid, mnr Daan Nel.

Met die wetenskaplike integriteit waarvoor Sadie deur die jare so bekend geword het, en sy streng objektiewe lewenshouding, het hy nie geskroom om hom skerp teen aspekte van regeringsbeleid uit te laat nie.

"Ek het wel 'n aweregse reputasie in regeringskringe gekry, maar dit was interessante tye – veral die gesprekke met dr Verwoerd, wat hom nie laat stuit het as hy eers aan die praat was nie. 'n Mens moes derhalwe leer om hom in die rede te val as jy iets te sê gehad het. Dit was interessant."

Sadie vertel dat hy mettertyd persona non grata in politieke kringe geword het en wanneer dr Verwoerd hom nie 'n Sap genoem het nie, was daar ander wat gereed gestaan het om hom die etiket van "kommunis" om te hang.

Klein apartheid

Dinge soos werkreserwing het veral ingedruis teen wetenskaplik-demografiese feite, en Sadie kon moeilik saamleef met die beeld wat Suid-Afrika se apartheidsbeleid – en in die besonder "klein apartheid" – na buite uitgedra het. "Dit was veral die implikasies daarvan, soos die geweld wat dit gedoen het aan die menswaardigheid van

mense van kleur, wat erg gepla het."

As hy vandag terugkyk na die apartheidsera, besef hy opnuut hoe onintelligent dié beleid was, veral soos dit in wetgewing vasgelê was, sê Sadie. "Dit het nie demografies of ekonomies sin gemaak nie en elke stuk wetgewing is in die buiteland deur koerante soos die *New York Times* aan die groot klok gehang. Ons sal nog vir die volgende twee tot drie dekades moet hoor dat alles wat in Suid-Afrika verkeerd loop, apartheid se skuld was."

Sadie het nog niks van sy belangstelling in die politieke en gebeure van die dag verloor nie. Hy het hom selfs die gramskap van die nuwe bedeling op die hals gehaal, oor die swakhede en leemtes in die 1996-sensusversyfers.

Hoewel 'n bietjie ouer, het hy steeds dieselfde sjamante, fynbeskaafde en moderne Afrikaner-intellektueel wat so 'n indruk gemaak het op die honderde studente wat deur die jare onder sy leiding in die ekonomie geskool is.

Met sy aftrede destyds, het sy opvolger, prof Sampie Terblanche, geskryf: "Sy voorkoms en optrede was deurgaans so afgerond en finaal dat dit daardie selfde afgerondheid en finaliteit van sy navorsingsresultate – veral wanneer dit op statistiese verwerking berus – gesimboliseer het."

Hy het ook sy fynproewersmaak vir 'n goeie wyntjie behou, en hy vertel ook graag van sy sy ander groot liefdes: mooi blomme, sy versameling Gregoire-skilderye en die musiek van veral Beethoven, Brahms en Mozart – wat hy graag self op die klavier speel.

Tweetaaligheid

Hoewel sy tweede doktorsgraad afgehandel is, dink hy nie eens daaraan om nou vir 'n ruk lank professioneel uit te span nie. Inteendeel, hy gaan voort met navorsing en daar is nog heelparty artikels wat wag om geskryf te word. Hy wil trouens terug gaan na 'n projek wat hy dertig jaar gelede aangepak het, toe hy voor 'n Kanadese koninklike kommissie oor tweetaaligheid en biikulturalisme getuie afgeleë het oor die ekonomiese faktore wat 'n rol gespeel het ter bevordering van tweetaaligheid en bikulturalisme in Suid-Afrika.

Maar die ekonomie sal altyd sy eerste liefde bly, "waarskynlik omdat die ekonomie elke aspek van die menslike lewe beïnvloed. Dit is ook waar my belangstelling in die demografie vandaan kom."

Het hy ooit daaraan gedink om sy rykdom van ekonomiese kennis in die markplek aan te wend?

Nog nooit, lag hy. "Die totaliteit van die goeie lewe is die akademia." M

Hy kon trompop met belangrike mense bots. Sy wetenskaplike integriteit en streng objektiewe lewenshouding het hom nie van skerp uitlatings teen beleidsaspekte weerhou nie

In a country where people are discouraged from behaviour that draws attention to themselves, Tadahiro Minami from Nagasaki in Japan is a rare individual. By **Zenda Nel**

PIONEERING SPIRIT OF THE MAN FROM NAGASAKI

The first Japanese student to enroll at Stellenbosch, he submitted the first thesis on the Dutch East India Company's trade with Japan, from a Japanese perspective

In the quiet solitude of the Africana Room, surrounded by shelves of priceless books and ancient maps on the walls, he sat bent over his work for two years – the mysterious Japanese gentleman.

Until Hanna Botha, head of Special Collections, couldn't contain her curiosity any longer and discovered a man with a pioneering spirit writing a pioneering thesis.

In a country where people are discouraged from behaviour that draws attention to themselves, where people are treated and expected to behave as if they are exactly the same, Tadahiro Minami from Nagasaki in Japan is a rare individual.

Having studied economics at the University of Nagasaki and graduating in 1967, Minami worked for a Japanese trading company specialising in international trade. His work entailed frequent travelling and even a four year stay in Cairo.

Teaching English to Japanese


It is common practice in Japan to stay with the same company throughout one's working life, but Minami resigned his very high paying position and started his own foreign language school in Tokio, employing teachers from English speaking countries to teach English to his countrymen.

After ten years Minami decided that he needed a new challenge.

"I wanted to leave Japan and live in another country again for a few years. Since I already had an understanding of English I needed to be in a country where English is understood and spoken, but I also wanted to be a Japanese pioneer. I didn't want to go where there were already a lot of Japanese. That ruled out Australia and America."

Wine from Stellenbosch

A good friend and former colleague at the export company



Tadahiro Minami "I also wanted to be a Japanese pioneer. I didn't want to go where there were already a lot of Japanese."

where Minami had been employed previously was involved in importing wine from Stellenbosch and advised Minami on the virtues of life here, mentioning that the town has a good university.

After further inquiries, Minami arrived in South Africa in January 1997, the first Japanese student to enroll at the University of Stellenbosch. In March this year he obtained his MComm degree, submitting the first thesis on the trade of the Dutch East India Company (VOC) with Japan in the 17th century written from a Japanese perspective.

He focused his study on the VOC's trade in Japanese porcelain. The title of his thesis is: *The Dutch East India Company (VOC) in Japan – Their early presence and Porcelain.*

Van Riebeeck in Nagasaki

A number of factors contributed to this fascinating subject choice. Minami explains: "As I started thinking about the subject of my thesis, I remembered reading on the plane coming here that Jan

Jan van Riebeeck's successor as governor-general at the Cape played a crucial role in the growth of the Japanese porcelain industry

van Riebeeck was in Nagasaki in 1642. Later, while on a visit to the Castle of Good Hope in Cape Town, I saw an exhibition of Japanese porcelain, made in Arita on the island of Kyushu, the island of my home town.

"I decided to write my thesis not merely about the history of the VOC's trade with Japan, but to focus my study on the porcelain trade."

Minami discovered that prior to Jan van Riebeeck's position as first governor-general of the Cape, he was stationed at Nagasaki, the VOC's northern most trading post. But it was his successor, Zacharias Wagenaar, the second governor-general of the Cape and previously head of the VOC in Nagasaki, that played a crucial role in the growth of the Japanese porcelain industry.

Says Minami: "At that time the porcelain industry in Japan was in its infancy. Wagenaar placed the first export order for Japanese porcelain to Europe. The porcelain industry in Japan grew as a direct result of the VOC exports which introduced Japanese porcelain to Europe."

VOC porcelain from Japan

One of the most remarkable porcelain pieces currently on display as

He remembers princess Beatrix's visit to Nagasaki in 1964. Were the seeds for his later studies at Stellenbosch sown at that time?

part of the William Fehr Collection at the Castle of Good Hope as well as the Burgher House in Stellenbosch, is the

'Company Plate' bearing the official VOC monogram. It was only recently established that these pieces are of Japanese origin.

A lot has been written about the VOC's activities in Japan, but always from the VOC's perspective. Minami's thesis represents the first approach of the subject (albeit limited to the trade in porcelain) from a Japanese perspective. Minami was able to include information gleaned from Japanese writings.

He remembers the official visit of princess Beatrix of the Netherlands to Nagasaki in 1964 – in remembrance of the fact that the Netherlands was Japan's sole Western trading partner from 1641 to 1868. He was a student at the time and her visit made a great impact on him, making one wonder if the seeds for his later studies at Stellenbosch were sown at that time.

Although he had a reasonable understanding of English when he came to Stellenbosch, Minami found his studies very difficult at first. "It was very tough, both the content and the language. I often had to work through the night to finish assignments on time." **N**

MUSEUM SE LOKAAL NA OUDREKTOR VERNOEM

'n Lokaal vir wisselende uitstallings en nuwe aanwinste in die Universiteit se Sasol Kunsmuseum is na oudrektor en visekanselier prof Mike de Vries vernoem

Hy word vereer vir sy reuse-aandeel aan die totstandkoming van die US Museum/Eben Dōnges Sentrum in die eertydse Bloemhof-skoolgebou, langs die manskoshuis Wilgenhof.

Dié museum is 'n kultuurskat met 'n besondere rol in die Universiteit en breër Stellenbosse gemeenskapslewe. Die museum-direkteur, prof Muller Ballot, het by die inwyding van die Mike de Vries-lokaal, gesê die museum maak dit moontlik "om die Universiteit se kuns- en kultuurbesit professioneel in stand te hou, te bewaar, te beveilig, te berg en te restoreer."

'Kwalitatief' uitbou

Skenkings, erflatings, aankope en bruiklenings bou dié besit "kwalitatief" uit en dra só ook kennis en insig aan die samelewing oor.

Dit was "n lank gekoesterde ideaal" om dié geskiedkundige gebou te restoreer en tot museum te omskep, het prof Andreas van Wyk, rektor en visekanselier, gesê. Dit is in Oktober 1991 geopen.

Die katalis hiervoor was 'n erflating van 310 kunswerke aan die Universiteit deur 'n Kaapstadse Oudmatie, prof J du P (Canis) Scholtz, 'n afgetrede Afrikaans-dosent by Ikeys. Die US moes dié kunsversameling behoorlik berg en uitstal. Prof De Vries het die Bloemhof-



gebou in gedagte gehad en met die bystand van dr Dawid de Villiers, voorsitter van die Universiteitsraad én van Sasol, is R3,5 miljoen se geldsteun hiervoor verkry.

Maggie Laubscher

De Vries het ook 'n besondere liefde vir Maggie Laubscher se skilderye. Die Universiteit besit die grootste openbare versameling van haar werke, wat ook in die museum 'n tuiste kon kry. Nog 'n buitengewone versameling in die museum is die skilderye en sketse wat 'n Switsers-

Oudrektor Mike de Vries (links) en kunstenaar Frana Malherbe by die De Vries-borsbeeld.

gebore Brit, Solomon Caesar Malan, in 1836 aan die Kaap gedoen het.

Van Wyk het die museum se sukses toegeskryf aan die toewyding van 'n buitengewone "driemanskap" – Mike de Vries wat die visie hiervoor gehad het, prof Frana Malherbe, wat ook die borsbeeld van De Vries geskep het vir die lokaal wat na hom vernoem is, en Muller Ballot, kunskenner asook bestuurder van die museum en sy versameling.

"Vir my, wat my hele lewe lank 'n universiteitsmens was, is dit 'n besondere eer om op dié manier vorentoe aan die Universiteit verbind te bly," het De Vries gesê.

■ 'n Lesingsaal in die De Beers-gebou vir Chemie is in 1992 na De Vries vernoem. Hy is 'n Oudmatie, was 'n US-chemiedosent sedert 1961, viserektor vanaf 1976, rektor vanaf 1979, ook visekanselier sedert 1981 en het afgetree in 1993. **N**

Die Sunsat satellietprojek demonstreer die SA tegnologiebedryf se vermoëns om 'n internasionale rolspeler op die gebied van satellietkommunikasie en ruimtetegnologie te wees

MBEKI OORHANDIG TOPPRYS AAN STELLENBOSSERS

Die laboratorium se kundigheid is al op internasionale vlak ingespan, onder meer met die opsporing van 'n Amerikaanse satelliet na lansering



Pres Thabo Mbeki het die Tegnologie Top 100 prys op 'n spoggeleentheid aan Sias Mostert, die Elektroniese Stelsels Laboratorium se bestuurder, oorhandig.

Die US-laboratorium wat die Suidelike Halfrond se eerste satelliet in die ruimte geplaas het, is as die beste navorsings- en ontwikkelingslaboratorium in Suid-Afrika aangewys.

Die Elektroniese Stelsels Laboratorium (ESL) wat Sunsat (Stellenbosch Universiteit Satelliet) ontwikkel het en nou die satelliet se bedryf in die ruimte bestuur, het die Tegnologie Top 100 prys gewen.

Sias Mostert, ESL se bestuurder, het die prys op 'n spoggeleentheid van pres Thabo Mbeki ontvang.

Die ESL is 'n multidisiplinêre laboratorium wat deur die Rekenaar en Beheerstelsels Groep in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese gelei word. Meer as 100 studente het al deelgeneem aan Sunsat en sy verwante projekte.

Produkte uitgevoer

Die ESL het vyf ingenieurs as medewerkers en 'n nagraadse studentegroep van sowat 20 en het reeds satellietprodukte na Suid-Korea en Duitsland uitgevoer. Die laboratorium werk nou aan produkte vir die Australiese mikrosatelliet Fedsat.

Die Tegnologie Top 100 toekennings word jaarliks gedoen – aan Suid-Afrikaanse maatskappye wat uitstaande werk in die breë veld van tegnologie verrig. Die toekenning se borge, MTN en Business Day, gebruik dié geleentheid om die SAs tegnologiebedryf se internasionale mededingendheid te bevorder.

Met dié toekenning het ESL homself gevestig in die liga van maatskappye soos UEC Technologies, die Altron-groep, Artec Product Design, Eskom, Cintel, Digital Process Measurement en Quiton CC, wat almal toekennings in ander Tegnologie Top 100 kategorieë gekry het.

Die toekenning aan die ESL gee erkenning vir die laboratorium se doelgerigte organisering van nagraadse studente, ingenieurs en dosente wat saam in 'n span gewerk het om 'n gesofistikeerde produk te skep.

Maatskappye

Buiten die toegewyde werk van die hele Stellenbosse span, is die projek ondersteun deur maatskappye soos Altech-Alcatel, ECS, Eerste Nasionale Bank, NNS, Grintek, Houwteq, Irdeto, Malaysian Airlines, MTN, Orbicom, Plessey, Reumech, SARL, SA AMSAT, Siemens, Somchem, Telkom en Vodacom.

Die Sunsat mikrosatellietprojek is dus in die geheel 'n demonstrasie van die SA tegnologiebedryf se vermoëns om 'n internasionale rolspeler op die gebied van satellietkommunikasie en ruimtetegnologie te wees.

Daar is 'n verskeidenheid van tegnieke en tegnologieë wat nou as deel van 'n opvolg satellietprogram ondersoek word. Verlede jaar is nege meestersgraad-tesisse op Stellenbosch voltooi oor nuwe tegnologie wat op satelliet-navorsing van toepassing is. Die ESL het dus duidelik bewys dat hy stelsels kan bou met die hoë betroubaarheid wat ruimtetoepassings vereis.

DUITSER KRY UNIVERSITEIT SE PRESTIGEMEDALJE

Prof Siegfried Mittmann, 'n Tübingense akademikus, het die US se Pro Bene Merito medalje ontvang – vir uitsonderlike mense wat 'n US-verbintenis het.

Hy was verlede jaar 'n besoekende professor in die Departement Antieke Studie op Stellenbosch. Sy navorsingsveld word ook aangebied in dié departement se afdeling Ou Nabye Oosterse Studie, waar hy 'n aansienlike invloed uitgeoefen het. Met sy onlanse besoek het hy ook die departement se Fensham-gedenkdressing (vernoem na wyle prof Charles Fensham, 'n oud-dosent van die departement) gelever.

Mittmann het die Universiteit van Tübingen se "Biblich-Archäologisches Institut", oënskynlik die beste soortgelyke een in Europa en een van die beses ter wêreld, opgebou. Navorsers van oor die hele wêreld gebruik die instituut se boekery.

Opgrawings

Mittmann spesialiseer in die argeologie van die Ou Nabye Ooste en veral Israel, Sirië, Jordanië en Libanon, waar hy self opgrawings onderneem het en waaroor hy uitvoerig gepubliseer het.

US-dosente en -studente kry al jare lank akademiese ondersteuning en medewerking van Mittmann en sy instituut, selfs destyds toe baie ander lande nie Suid-Afrikaners wou help nie. Hulle kon daar kennis maak met hoë gehalte navorsing asook die beste versameling navorsingsmateriaal en argeologiese voorwerpe.

Mittmann het ook Suid-Afrikaanse bruin en swart studente in Tübingen verder laat studeer. En hy het dit deur DAAD, 'n Duitse beurskema, help moontlik maak.

Deur Mittmann se toedoen het die



Mittmann (links) het die US se prestigemedalje van prof Andreas van Wyk, rektor en visekanselier, ontvang.

Humboldt-stigting van Duitsland die enigste volledige stel TAVO-materiaal (*Tübinger Atlas des Vorderen Orients*) in Suid-Afrika aan die US geskenk. Dit bestaan uit kaarte en navorsingspublikasies van en oor die Nabye Ooste. Die versameling, in die Teologie-biblioteek, het baie waarde vir Bybelse en Ou Nabye Oosterse Studie.

Mittmann het gesorg vir 'n sterk verbintenis en heelwat onderlinge uitruiling tussen die universiteite van Tübingen en Stellenbosch. Die internasionalisering van

die werk wat by die Afdeling Ou Nabye Oosterse Studie en die Fakulteit Teologie gedoen is, is grootliks aan sy ondersteuning te danke.

■ Siegfried Mittmann is die sesde ontvanger van die Pro Bene Merito medalje. Hy is die tweede buitelandse wat die medalje gekry het. 'n Belgiese landbouwetenskaplike, prof Vic Goedseels, het die heel eerste medalje in 1997 ontvang. **M**

Die laboratorium se kundigheid is reeds op internasionale vlak ingespan. So het die Sunsat span verlede jaar die lanseerspan van die AsuSat1 satelliet (Arizona State University Satellite) gehelp met die opsporing van hul satelliet na lansering.

Wentelbaan

In Februarie was dit presies 'n jaar sedert Sunsat (saam met nog twee satelliete) deur 'n vuurpyl van Nasa, die Amerikaanse ruimte-administrasie, vanaf die Vandenburg lugmagbasis aan die Kaliforniese kus in sy wentelbaan om die aarde geplaas is.

"Dit was 'n jaar wat gedurig nuwe vreugdes opgelewer het," sê prof Garth Milne, leier van die Sunsat-projekspan. Die laboratoriumspan het van die aarde af die heeltid Sunsat se stelsels en eksperimente in werking gestel.

Milne sê onder radio-amateurs ("hams") het Sunsat-Oscar-35 'n baie

gewilde amateur-radiosatelliet ("EasySat") geword. Van hulle was al meer as vyftig keer met Sunsat in verbinding. Ander amateurs het selfs spesiale uitstappies gereël om uit bewegende treine uit en van bergtoppe af boodskappe met behulp van Sunsat te stuur.


Baie bevredigend

"Dis baie bevredigend om die amateurs op dié manier te help. Verskeie webtuistes (onder meer <http://sunsat.ee.sun.ac.za>) het 'RealAudio' opnames van die verkeer op Sunsat."

Sunsat samel ook belangrike inligting in, onder meer vir Nasa. Die satelliet stuur ook lewendige TV-beelde aarde toe, en neem foto's van die aarde.

"Sedert Sunsat meer as 'n jaar gelede gelanseer is, het die satelliet in baie van sy basiese funksies uiters betroubaar geword," sê Milne. **M**

RAAD WORD BYNA HELFTE GROTER



Desmond Smith, voorsitter van die Universiteitsraad. Hy is onlangs deur die konvokasie vir 'n termyn van vier jaar tot die raad herbenoem nadat hy voorheen deur die donateurs benoem was.

Die US se hoogste besluitnemende liggaam, die Universiteitsraad, is einde verlede jaar van 22 na 30 lede vergroot.

En met die aanstelling van 'n derde viserektor is die raad vanaf 1 Maart verder tot 31 lede uitgebrei. Dr Julian Smith, voorheen die Universiteit van Wes-Kaapland se registrateur, beklee dié pos (Berig hieroor op bl. 6). Die rektor en viserektore dien almal ampshalwe in die raad.

Die ander agt bykomende lede is aangewys deur:

- die permanente akademiese personeel wat nie senaatslede is nie. Hul verteenwoordiger

is dr Rolf Annas, 'n Duits-dosent in die Departement Moderne Vreemde Tale. Hy is Saptu (die Suid-Afrikaanse Parastatale en Tersiere Instellings-Unie) se takvoorsitter op die kampus.

- die permanente nie-akademiese personeel. Hul keuse is Sanel Barnardo, sekretaresse van die viserektor (navorsing), prof Walter Claassen.
- die Institusionele Forum, wat dr Hans Muller van die Departement Godsdienskunde aangewys het.
- die verteenwoordigende liggame uit die sakektor wat sakebelange in die distrik Stellenbosch verteenwoordig. Hul raadslid is Maritha Moolman van die JPS Trust.
- Die verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing het twee raadsverteenvoorgestellers: Rita Edwards, direkteur van "Women on Farms" op Stellenbosch, en Letitia Snyman, hoof van die Hoërskool Rhenish.
- Die Matie-studenteraad het nou twee verteenwoordigers in die Universiteitsraad, in plaas van een soos voorheen. SR-voorsitter Peggy le Roux en nog 'n SR-lid, Caroline Shackelford, verteenwoordig vanjaar die Maties in die US-raad.
- die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se raad, wat nog nie sy verteenwoordiger aangewys het nie.

Die ander 22 raadslede is:

- die rektor en viserektor, prof Andreas van Wyk, en en (naas Smith) die ander twee viserektore, proff Walter Claassen en Rolf Stumpf;
- drie verteenwoordigers wat die Senaat uit hul geledere kies (proff James Fourie, Fritz Hahne en Bernard Lategan, wat al drie vanaf vanjaar vir 'n verdere tweejaar-termyn herbenoem is);
- vier verteenwoordigers deur die minister van Onderwys aangewys (Jannie Momborg, Lynne Matthews, Mvula Yoyo en dr Yvonne Muthien);
- ses verteenwoordigers van die Konvokasie (die Oudmaties) t.w. Koos Bekker, Ritzema de la Bat, Desmond Smith en Gys Steyn

asook drr Edwin Hertzog en Christo Wiese);

- 'n lid wat deur die Stellenbosse munisipaliteit aangewys is (Faghrie Patel), en een wat deur die Wes-Kaapse premier aangewys is (dr Louis Kathan);
- asook drie lede wat die Universiteit se donateurs verteenwoordig ("GT" Ferreira asook drr Paul Cluver en Gerhard van Niekerk).

Nuut aangewys

Ferreira en Cluver is onlangs vir die eerste keer tot die raad benoem. Ferreira is onder meer voorsitter van Rand Aksepbank Beherend en van FirstRand Beperk asook 'n direkteur van Anglo American.

Cluver is eienaar en voorsitter van De Rust Landgoed en onder meer voorsitter van Capespan Group Holdings, Vinfruco, Unifruco, Associated Fruit Processors, Kromco, Apsap Fruit en Agricol. Hy het vroeër vanjaar 'n eredoktorsgraad van die US ontvang.

Momborg, 'n Oudmatie en ANC-politikus, is vir 'n verdere termyn heraangestel, terwyl Matthews, Muthien en Yoyo nuwe aanstellings deur die minister van Onderwys is. Matthews (van Kaapstad) is aktief by gemeenskapsdiens- en onderwysprojekte betrokke. Muthien is uitvoerende direkteur (demokrasie en bestuur) by die RGN in Pretoria, asook 'n SABC-raadslid. Yoyo is 'n dosent in Afrikaans by die Universiteit van Fort Hare.

SR-oudvoorsitter

Hertzog, 'n oudvoorsitter van die Matie-studenteraad, is onlangs vir 'n verdere termyn van vier jaar as raadslid herkies. Hy is die voorsitter van Medi-Clinic Korporasie en was voorheen voorsitter van die Nasionale Assosiasie van Privaathospitale asook ondervoorsitter van die Rembrandt Groep.

Desmond Smith, die raadsvoorsitter, is deur die konvokasielede herbenoem nadat hy vir 'n vorige vier jaar 'n donateurs-benoemde was. Bekker, voorsitter van M-Web en 'n direkteur van verskeie ander maatskappye, is deur die konvokasielede as nuwe raadslid benoem.

De la Bat is die raad se ondervoorvoorsitter. Die raad vergader gewoonlik ses keer per jaar. ■

TOP ESCOM MAN TO TEACH AT STELLENBOSCH

Bongani Khumalo, Eskom's deputy chief executive (restructuring and transformation) has been appointed as an honorary professor in industrial psychology at Stellenbosch.

This honour has been bestowed on Khumalo for his exceptional contributions in areas such as industrial relations and human development – and for his constructive interventions in South African public life.

His appointment at Stellenbosch is for two years, until the end of 2001.

Overseas universities

Khumalo holds an MA from Fairfield University in the USA and several other qualifications from universities in South Africa and the UK. He joined Eskom in 1991. Prior to that he was director of communication for the SA Council of Churches, accounts executive for three large advertising agencies and assistant director of the SA Red Cross Society.

As Eskom's corporate communications manager in 1992-'93 he was one of the key senior managers who worked with the management board to craft a new industrial relations model for Eskom. The outcome became known as the Unfolding Vision Agreement (UVA) which is believed to have inspired the present Labour Relations Act (1995).



Bongani Khumalo: strong and positive public profile as a conscientious South African, committed to a stable social and business environment.

Well-known for his uncompromising stand on moral and social issues, Khumalo has initiated and driven a number of prominent renewal programmes, and has co-ordinated Eskom participation in others – including government's RDP and HIV/Aids programmes. He's the driving force behind an Eskom joint programme with the SA Medical Research Council and others to develop a vaccine against HIV/Aids.

Gender equity

Khumalo has a strong and positive public profile as a conscientious South African, committed to a stable social and business environment.

In October 1997, together with some 450 other South African men, he led the founding of the first SA men's organisation with a focus on gender equity, human dignity, moral renewal and an environment that is crime-free as well as socially and economically sound. It is known as the SA Men's Forum.

Khumalo has been appointed to head two high-profile public commissions of enquiry into contentious issues – education and (in Gauteng) the state of provincial management. **NI**

Andreas van Wyk tree einde 2001 af

Aanwys van nuwe rektor begin vanjaar al

Prof Andreas van Wyk tree einde volgende jaar as rektor en visekanselier af. Die proses om sy opvolger aan te wys, begin vanjaar al.

Met die verwelkoming van eerstejaars se ouers vroeër vanjaar het Van Wyk die Universiteit beskryf as 'n "unieke Suid-Afrikaanse instelling, wat, soos sy stigters gesê het, vir 'n idee staan". Die kern van dié idee bly diensbaarheid en verbondenheid aan Suid-Afrika, het hy gesê.

"Dis daarom nie verbasend dat Stellenbosch soveel passie by mense ontlok nie. Stellenbosch was en is vir my 'n passie, en sal dit altyd bly."

"Daarom is dit vir my vandag 'n oomblik van gemengde emosies: vreugde oor die skaars jong mense wat weer deur ons strate vloei, maar gemeng met die wete dat hulle die eerste groep eerstejaars is aan wie ek beslis nie meer 'n graad sal toeken nie."

Van Wyk, 'n Oudmatie en ouddekaan van die US se Fakulteit Regsgeleerdheid, was viserektor: bedryf voordat hy in die middel van 1993 vir prof Mike de Vries as rektor en visekanselier opgevolg het. Met sy aftrede aan die einde van 2001 sal Van Wyk agt en 'n half jaar aan die hoof van die Universiteit gestaan het. **NI**



Hulle het in wyd uiteenlopende velde presteer: van Japanse kabinetslid tot Kaapse chirurg-cum-wynmaker, van bekroonde Afrikaanse skrywer tot swart baanbreker-rekenmeester, tot navorser oor die Afrika-mens se evolusie

VYF VEELSYDIGE WYSES KRY EREGRADE

Twee Oudmaties, albei ook oud-akademici van die Universiteit, is onder die vyf mense wat onlangs eredoktorsgrade van die US ontvang het.

Hulle is prof Hennie Aucamp, afgetrede Afrikaans-dosent en bekroonde skrywer, asook dr Paul Cluver wat hom as neurochirurg, landbouwetenskaplike en maatskaplike baanbreker onderskei het.

Die ander drie is prof Akito Arima, 'n Japanse kabinetslid en oudhoof van die Universiteit van Tokio; prof Wiseman Nkuhlu, 'n SA baanbreker finans- en sakeleier asook Universiteit van Transkei se oud-viserektor; en die internasionaal bekende Johannesburgse paleontoloog prof Phillip Tobias.

Al vyf die vereerdes het ook as akademici diep spore getrap. Hulle het in Desember verlede jaar of in Maart vanjaar US-eregrade ontvang.

■ **Akito Arima** se rigtinggewende idees as teoretiese kernfisikus, vir byna vier dekades, het hom internasionaal as een van die toonaangewendste kernteoretici gevestig.

Hy lei nou twee Japanse ministeries: onderwys asook wetenskap en tegnologie – kabinetsposte

wat aan hom internasionale erkenning as innoverende beleidsvormer bied. Boonop is hy 'n gevierde haikoe-digter.

Arima het sy universiteitsopleiding aan die Universiteit van Tokio gekry, waar hy in 1958 'n doktorsgraad in die natuurwetenskappe behaal het. Na verskeie aanstellings in die VSA en by sy alma mater, word hy in 1989 sy alma mater se president (rektor).

Kernfisika

In die eerste fase van sy loopbaan het hy deur sy navorsing verskeie belangrike bydraes tot die teorie van kernstruktuur gelever. Sy werk rakende die identifikasie van pseudo-spin was 'n belangrike voorloper van waarskynlik sy grootste bydrae tot die kernfisika: 'n reeks artikels (saam met Iachello) oor die wisselwerkende bosonmodel waarin die nuwe konsep van "dinamiese simmetrie" deurslaggewend was.

Arima het sedert 1983 al hoe meer deel van die Universiteit van Tokio se bestuurs- en beleidsmakende funksies geword. Sy visie van 'n skoolstelsel wat wegstuur van roetineleerwerk en 'n universiteitstelsel waarin outonomie, gehaltebeheer en basiese navorsing hul regmatige rol vervul, is waarskynlik voorbeelde vir Suid-Afrika.

Dit is gepas dat die US, met sy lang navor-

singstradisie, Arima vereer vir sy sonderlinge bydrae tot die wetenskap en wetenskaplike navorsing.

■ **Hennie Aucamp** is 'n gerekende kenner en bekroonde beoefenaar van die Afrikaanse letterkunde.


Hy het al sy universiteitskwalifikasies op Stellenbosch verwerf – onder meer 'n meestersgraad (met 'n tesis oor Ernst van Heerden se poësie) met lof in 1959. Sedert 1964 was hy dosent in Afrikaans in die Fakulteit Opvoedkunde, waar hy vanaf 1983 tot met sy aftrede in 1994 departementshoof was en in 1986 medeprofessor geword het.

Sy uiters produktiewe loopbaan strek oor meer as drie dekades. In dié tyd lewer hy 'n merkwaardige bydrae tot die Afrikaanse letterkunde: as opvoeder, bloemleser, maar veral as skrywer van kortverhale, dagboeke en kabarette.

Hertzogprys

Vir sy kortverhaalbundels *Hongerblom* en *Wolwedans* kry hy in 1974 die WA Hofmeyrprys en in 1982 word sy hele kortverhaaloeuvre met die Hertzogprys bekroon.

As bloemleser het Aucamp etlike bundels



1. Akito Arima se visie van 'n skool- en universiteitstelsel is waarskynlik voorbeelde vir Suid-Afrika.

2. Hennie Aucamp: ongeëwenaarde rol as bewaarder van dit wat kosbaar is in die Afrikaanse letterkunde.

3. Paul Cluver: vereer vir sy merkwaardige bydrae en leierskap op drie terreine.

4. Wiseman Nkuhlu: leier wat 'n besonderse bydrae tot nasionale ontwikkeling gelever het.

5. Phillip Tobias het bekendheid verwerf vir sy navorsing oor menslike fossiele en die evolusie van die mens.

Al vyf die vereerdes het ook as akademiëci diep spore getrap

opgelewer van prosa wat andersins in die vergetelheid kon geraak het. Sy rol as bewaarder van dit wat kosbaar is in die Afrikaanse letterkunde is ongeëwenaard.

■ **Paul Cluver** is vereer vir sy merkwaardige bydrae en leierskap op drie terreine: die landbouwetenskappe as innoverende boer, die mediese wetenskap as begaafde neurochirurg en op die maatskaplike terrein as iemand wat sy menslikheid daadwerklik uitteef.

Cluver het in 1965 die graad MB,ChB aan die US behaal en in 1969 MD (summa cum laude) in Duitsland. In 1973 behaal hy 'n doktorsgraad in die geneeskunde aan die US, en onderskei hom verder as mediese akademikus deur die graad ChM aan die Universiteit van Kaapstad te verwerf – 'n akademiese meestersgraad wat baie min mense nog verwerf het.

As neurochirurg was hy buitengewoon geslaag, in die privaatpraktyk en later as senior mediese konsultant vir die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad.

Wynpionier

Cluver volg sy uitmuntende mediese loopbaan op met net so 'n geslaagde loopbaan as sagtevrugteboer en wynpionier op die landgoed De Rust by Grabouw. Hy het sy wetenskaplike kennis en besonderse vermoë om praktykgerigte navorsing te vertolk, suksesvol gebruik vir baanbrekerswerk met geïntegreerde plaagbeheer.

Paul Cluver-wyne is met verskeie gesogte pryse bekroon nadat hy die potensiaal van die Elginplato se unieke koel klimaat vir die verbouing van wyndruwe raakgesien en ontgin het.

Sy leiersposisies, byvoorbeeld as voorsitter van Unifruco en Associated Fruit Processors, weerspieël sy status in die landboubedryf. Hy was 'n stigterslid en later voorsitter van die appelver-

pakkingsaanleg Kromco.

In 1996 het hy een van Suid-Afrika se eerste bemagtigingsprojekte aangepak, om 'n sakegeleentheid vir minderbevoorregtes te skep.

Naas gesaghebbende neurochirurg en leier in die vrugte- en wynbedryf, is Cluver 'n gemeenskapsmens wie se lewe en werk regtig 'n verskil aan minderbevoorregtes se lewens maak.

■ **Wiseman Nkuhlu** is 'n toonaangewende leiersfiguur op die sosiaal-ekonomiese en finansiële gebied in Suid-Afrika. Hy het in die afgelope 23 jaar 'n sleutelrol vervul in nasionale ontwikkeling, eers as opvoedkundige en daarna as vooraanstaande finansiële leier en sakeman.

Hy is op Cala in die Oos-Kaap gebore en het op Lovedale, 'n Presbiteriaanse sendingskool, gematrikuleer. Nadat hy BCom in 1970 aan die Universiteit van Fort Hare behaal, voltooi hy sy rekenmeester-leerlingskap in Oos-Londen en word in 1976 die eerste swart Suid-Afrikaner wat as geoktrooieerde rekenmeester kwalifiseer.

Hy stig op uitnodiging die Universiteit van Transkei se rekeningkunde-departement en begin terselfdertyd 'n ouditeursfirma in Umtata, wat in 1982 twee van die land se vyf nuwe swart geoktrooieerde rekenmeesters oplewer.

Transkeise rektor

In 1983 behaal hy 'n meestersgrad in finansies en internasionale sake aan die Universiteit van New York, en word die Universiteit van Transkei se viserektor. Vier jaar later word hy waarnemende rektor.

Die ontwikkeling en ekonomiese vooruitgang van sy mense was nog altyd een van Nkuhlu se groot doelwitte. In 1992 is hy as die Onafhanklike

Ontwikkelingstrust se hoof uitvoerende beampte aangewys, en is nou die Ontwikkelingsbank van

Suidelike Afrika se voorsitter. Een van sy groot prestasies is die National Empowerment Consortium, wat hy saam met ander leiers gestig het.

As iemand van integriteit geniet Nkuhlu hoë aansien, in en buite Suid-Afrika.

■ **Phillip Tobias** is een van Suid-Afrika se mees gevierde wetenskaplikes, en ook internasionaal 'n vakkundige van formaat.

Hy het 'n honneursgraad in histologie, geneeskunde-grade en PhD gedurende 1947-'53 aan Wits behaal. Sy doktorsle proefskrif het tot 'n boek van 400 bladsye en 'n British Association medalje gelei. Vier jaar later verleen Wits ook 'n DSc-grad aan hom.


In 1959 volg hy die beroemde prof Raymond Dart op as hoof van anatomie en menslike biologie aan Wits, en beklee dié pos tot sy aftrede in 1990.

Evolusie van die mens

Tobias het hom toegelê op twee studievelds: paleo-antropologie en die menslike biologie van Afrikaners. Hy het bekendheid verwerf vir sy navorsing oor menslike fossiele en die evolusie van die mens. In 1964 het hy saam met LSB Leakey en JR Napier die spesie *Homo habilis* geïdentifiseer.

In Suid-Afrika is sy naam onlosmaaklik verbind met die argeologiese uitgrawings by Sterkfontein en die navorsingsprogram wat hy daar begin het. Dit is die mees ononderbroke uitgrawings van enige terrein ter wêreld.

Sy landsdiens is onder meer beloon met die staatspresident se Orde van Verdienstelikeid (goud, 1992) en die Orde van die Suiderkruis Klas II (silwer) in 1999. ■



"Varke is baie slimmer as sommige hondespesies...
Hulle herken my en ek ken hulle elkeen"

SKRANDER VROU BESTUUR U.S. SE VARKE

"Dit bewys ons het vertroue in die rol van die vrou in die veekunde"

Gerna Coetzee, 'n topstudent in die Departement Veekundige Wetenskappe, is aangestel as bestuurder van die varkseksie op Mariendahl, een van die Universiteit se proefplase.

"Dit bewys ons het vertroue in die vrou se rol in die veekunde," sê dr Louw Hoffman, wat ook die studieleier vir haar MSc is.

Hou sy dan van varke? "Hulle is die beste spesie om in landbou te bestudeer," verseker sy.

"Varke is baie slimmer as sommige hondespesies en hulle kan aanvoel as jy aggressief is. Hulle reageer op jou stemtoon. Die varke waarmee ek werk, herken my en ek ken hulle elkeen."

Ware presteerder

Sy spesialiseer in enkelmaagvoeding en sê navorsing het getoon dat as daar intensief met varke geboer



**'n Passie vir varke...
Gerna Coetzee op Mariendahl,
tussen die plaasdiere waarvan
sy die meeste hou**

word, kry 'n mens goeie reaksie van hulle, veral van die sê wat kraam.

Gerna is 'n ware presteerder. In 1997, haar voorgraadse finalejaar, was sy die tweede beste BSc (Agric)-student in die land, en sy het die Afmatokenning vir die beste veevoedingstudent gekry. Sy het ook drie beurse gewen, van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling, die Proteïennavorsingstrust en die Harry Crossley Trust.

Verlede jaar het sy vier maande lank aan die Belgiese Universiteit van Leuven oor pluimveevoeding en akwakultuur navorsing gedoen.

Haar liefde vir boerdery het sy gekry van kuier op haar oupa se plaas in Namakwaland. "Ek is van kleins af vir boerdery gekondisioneer." Haar pa was egter nie 'n boer nie, maar 'n polisiekapelaan.

Gerna is getroud met 'n prokureur wat sy in haar eerste jaar op Universiteit ontmoet het. Hulle reis graag en stel baie in kuns en kultuur belang. **N**

Twêe by Drama kry toneelpryse

Twêe Fleur du Cap toneelpryse, aan 'n student en aan 'n dosent by Drama, span die kroon op 'n baie geslaagde 1999 vir dié departement

André Weideman, vanjaar 'n derdejaarstudent, het die 1999 Fleur du Cap toneelprys vir die belowendste student gekry. Hy was onder meer te sien in die populêre woordkunsprogram *Speels Gesê*, en die hoog aangeprysde *The Crucible* deur Arthur Miller, waarvan Blaise Koch, wat vanjaar weer by Drama klasgee, die regisseur was.

Blaise, 'n gewilde toneelspeldosent en legende in die plaaslike vermaaklikheidsbedryf, het die Fleur du Cap prys gekry vir 1999 se beste byspeler – vir sy rol in Shakespeare se *As You Like It* by die Maynardville-teater in Kaapstad. Hy gaan later vanjaar by die departement verantwoordelik wees vir die regie van 'n produksie wat beslis 'n hoogtepunt kan wees.

André het vanjaar verskyn in die vierde uitgawe van die immergewilde *So is ek Gebek*, 'n prosa- en poësieprogram by die Universiteit se HB Thom Teater. Hy het ook die titelrol vertolk in Johan Esterhuizen se produksie van *Macbeth*. **N**

Blaise Koch: 1999 se beste byspeler; André Weideman: belowendste student



GREGGORIAN



Masters Of Chant

Brothers In Arms - Tears In Heaven - Losing My Religion
The Sound Of Silence - Don't Give Up - Nothing Else Matters
Scarborough Fair - When A Man Loves A Woman

CD OUT NOW

Matieland het met leedwese verneem dat die volgende Oudmaties en US-personeellede onlangs oorlede is:

J (James) Blathenwick (49) van Stellenbosch; BEcon, HOD 1975.

Dr TW (Bob) de Jongh (86) van die Strand; BSc, MSc 1934-'36; 'n oud-Dagbreker; het later elders 'n doktorsgraad in die ekonomie verwerf; was gedurende 1967-'80 president van die Reserwebank.

IPM du Preez (64) van Zeerust, BMil 1961.

BJ (Bastie) du Toit (83) van Pretoria; BA 1939; was 'n oud-Wilgenhoffer; het in die Boland en Suid-Kaapland gewerk en was later verbonde aan Sanlam op Stellenbosch en in Pretoria.

Ds Fanie Fourie (59) van Cambridge, Oos-Londen; BA, Hons BA, BTh en lisensiaat in teologie 1963, '65, '65, '67.

JG Giliomee (78) van Prinskraal, Bredasdorp; BComm 1942; was in die sewentigerjare voorsitter van die Oudmatie-bond op dié dorp.

GPK (Gerhard/Kallie) Kirsten (68) van Tamboerskloof, Kaapstad; BA 1951; oud-sportredakteur van Die Burger en die afgelope 11 jaar argivaris van Sanlam; 'n amateurbotanis en die medeskrywer van *Ericas of South Africa*; het ook twee publikasies oor Sanlam die lig laat sien.

Dr SM Koegelenberg (80) van Vredendal; MCur, DCur 1978, '81; die eerste ontvanger van 'n doktorsgraad in die verpleegkunde aan die US; sy was lank senior prinsipaal van die Otto du Plessis verpleegkollege by die Tygerberg-hospitaal; is aan kanker dood.

Mev MJ (Miemie) Kotzé (geb. Schellink, 55) van Somerset-Wes; diploma in huishoudkunde, ODHN 1960, '62; was 'n netbalskeidsregter en onder meer betrokke by Boland asook die Maties se netbalafrigting.

OCH (Otto) Krause (69) van Bloemfontein; BA en studeer ook in die regsgeleerheid aan die US, 1949-53; 'n oud-Wilgenhoffer; het ook in die internasionale reg aan die universiteite van Oxford en Yale gestudeer; het by die balie in Bloemfontein aangesluit, waarna hy hom toelê op die joernalistiek; was politieke verslaggewer vir twee Johannesburgse Afrikaanse dagblaie; was ook 'n vryskutjoernalis en politieke konsultant.

Mev JK Louw (74) van die Paarl, BA in maatskaplike werk.

MA Muller (53) van Pretoria; BSc en Hons in landbouwetenskappe 1969, '71.

Eugene Myburgh (68) van Pretoria; BComm, 1952, en LLB 1954; 'n oud-Dagbreker; het leerklerskap as prokureur voltooi, waarna hy by die Departement van Buitelandse Sake aangesluit het; was diplomaat in die VSA, Nederland, Japan en Denemarke asook ambassadeur in Swede; is aan kanker dood.

Haco Nicolson (78) van Bedfordview, Johannesburg; BA 1947.

DJ (Koos) Potgieter (95) van Pietersburg; BA (admissie, met lof), MA, Med (met lof) 1923, '25, '41; was 27 jaar lank hoofswep van die Nasionale Party, onder meer tydens die premierskap van HF Verwoerd (wat Potgieter se eertydse sielkundesdosent op Stellenbosch was); ook voorsitter van die NP-koukus; het aan die US gestudeer nadat hy op Oudtshoorn as onderwyser opgelei is en op Riversdal skoolgehou het; het na sy Matie-jare onder meer skoolgehou op Brits waar hy later parlamentslid geword het.

JH Redelinghuys (75) van Queenswood, Pretoria; BComm 1945.

LM ("Spike") Russell (28) van Franschhoek; wynmaker by La Couronne landgoed; BScAgric 1995; is dood in 'n motorongeluk.

Ian Scheepers (67) van Stellenbosch; BSc Ing 1952; was 'n oud-Wilgenhoffer.

GP (Hardy) Scott (56) van Klein-Brakrivier; BA, SOD en met lof Hons BA in liggaamlike opvoedkunde 1964, '64, '65, '79; 'n oudinwoner van Huis Visser, lid van die Matie-atletiekspan; onderwyser by Zwaanswyk (Skieriland), Mosselbaai, Pionierskool (Worcester) en op Oudtshoorn; later verbonde aan staatsdepartement sport en ontspanning.

Walter Schabig en sy vrou, **Nita** (geb. Paulse, 32) van Rehoboth, Namibië, wat in 'n motorongeluk in die Swartland dood is; hy het BEkon en sy maatskaplike werk aan die US gestudeer; haar pa, Saul Paulsen, was baie jare lank as assistent aan Ontwikkeling, nou Bemaking & Kommunikasie by die US verbonde.

PLT (Piet) Snyman (73) van Claremont,

Weet u van 'n Oudmatie wat onlangs oorlede is? Stuur asseblief kort besonderhede (die oorledene se voorletters, naam en van, ouderdom, geboortedatum, studentenummer, kursusse, studiejare, loopbaan, ens. soos op dié bladsye) aan die adresse of faksnummer op bl.1.



**Dr H Vos
Hatting**



**Mnr JJ
(Joggie) Spies**



**Prof PFD
Weiss**



**Mev Betsie
Verwoerd**

Kaapstad; BA, LLB 1945, '48.

Hugh Colin Taylor (74) van Simonstad; BSc in Bosbou 1946; het in 1990 by die staat se botaniese navorsingsinstituut op Stellenbosch afgetree.

NF Treurnicht (79) van Bloubergstrand, BA, MA 1941, '44.

Dr JZ Uys (65) van Port Elizabeth; BA, SOD, MA 1954, '58.

Mev E (Betsie) Verwoerd (geb. Schoombee, 98) van Orania; BA, O1-diploma, BEduc en MA 1920-'24; een van die Universiteit se oudste oudstude; weduwee van die destydse eerste minister dr HF Verwoerd, wat 'n medestudent van haar op Stellenbosch was en professor aan die US was voordat hy tot die joernalistiek en later die politiek togetree het. Hulle het in 1922 saam in die Matie-studenteraad gediën. Sy was 'n eerstejaarstudent in 1918 toe die Victoriakollege die Universiteit van Stellenbosch geword het; het vir 'n jaar skoolgehou voordat sy in 1924 terug is Stellenbosch toe om MA in Afrikaans en Nederlands te behaal; was ook 'n US-dosent in opvoedkunde; was primaria van Harmonie. Een van haar seuns, prof Wilhelm Verwoerd, het as geologiesdosent aan die US afgetree, en een van dié se seuns, Wilhelm, is nou 'n filosofiedosent aan die US.

Dr H Vos Hatting (63) van die Strand; BSc, BIng en PhD Ing 1958, '70; het ook in die lugvaartkundige ingenieurswese in Cranfield, Engeland, gestudeer; was professor en later ook departementshoof van Meganiese Ingenieurswese aan die US vanaf 1971 totdat hy in 1992 vroeg afgetree het om sy eie ingenieursonderneming te begin; het baie bygedra tot die uitbou van dié departement se goeie laboratoriumtoerusting en ander infrastruktuur; het die leiding geneem in die beplanning en aanbied van kursusse in die lugvaartkundige ingenieurswese; was direkteur van die destydse Buro vir Meganiese Ingenieurswese.

JJ (Joggie) Spies (89) van Bellville; BA 1943; afgetrede onderwysinspekteur, bekende kinderrympie-digter en skoolliedskrywer; was skoolhoof op Harismith en in Bloemfontein; later Vrystaatse skole-inspekteur; het na sy aftrede 'n bundel kinderrympies gepubliseer; het die woorde geskryf vir die Universiteit van Port Elizabeth se lied sook dié van verskeie Vrystaatse en Wes-Kaapse skole; pa van prof Lina Spies, 'n afgetrede US-dosent in Afrikaans, asook van dr Cornelia de Kock

wat 'n doktorsgraad in Afrikaanse kultuurgeskiedenis aan die US behaal het en met 'n US-ouddosent, dr Johan de Kock, getroud is. Joggie Spies was 'n broer van die Kaapse Afrikaanse taalman en joernalis Johan Spies, wat onder meer redakteur van *Die Huisgenoot* was (lees die berig "US erf R6,56 miljoen uit 39 boedels" op bl. 13).

Prof PFD Weiss (92) van Pretoria; 'n boorling van Standerton, wat hom as student aan die US onderskei het op vele terreine, onder meer as kampioenswemmer en lid van die Studenteraad; behaal MA in Sielkunde, asook die proponentseksamen albei met lof; behaal daarna MA in Semitiese Tale en D.Litt ook albei cum laude aan die Universiteit van Pretoria; was die eerste in Suid-Afrika aan wie 'n doktorsgraad in Semitiese Tale toegeken is; NG predikant in die gemeentes Pretoria-Oos en Hartbeesspruit terwyl hy hom ook vir die oprigting van sendinghospitale beywer het; was 'n baanbreker op die gebied van antieke tale omdat hy die Afrikaanssprekende student ingelei het in die wêreld en tale van die ou Midde-Ooste terwyl hy gedurende 1948-'62

aan die Universiteit van Stellenbosch die eerste professoraat in Semitiese Tale beklee het; het vakke soos Akkadies, Oegarities en Sumeries gedoseer, wat hy deur selfstudie bemeester het; was die Bybel met Verklarende Aantekeninge se redaksievoorsitter en het in 1960 die Afrikaanse Bybelvertaling se hersiening geïnisieer; was daarna tot met sy aftrede direkteur van die Afrika-instituut in Pretoria. Behalwe dat hy meer as 35 tale geken het, was hy verder ook baie veelsydig: as kultuurmens was hy onder meer die SA Akademie se voorsitter; 'n lid van die SAUK-beheerraad, voorsitter van die Afrikaanse Kultuurraad, en hy het 23 jaar lank as violis in die orkes van die US Konservatorium asook 15 jaar as hoof-altvioolspeler in die Pretoriase Simfonie-orkes opgetree. Sy vrou en mede-Oudmatie, Hymine (geb. Naudé), is 'n suster van Matie SR-oudvoorsitter dr Beyers Naudé. Een van prof Weiss-hulle se 12 kleinkinders, Detlev Krige, wat ook in die Matie-studenteraad gedien het, het verlede jaar in sy oupa se studieveld 'n MA met lof aan die US behaal nadat hy ook in Leiden, Nederland, navorsing gedoen het. N

Navorsing

Meganika, elektronika en rekenaarstelsels, wat so vervleg is dat die een nie sonder die ander kan funksioneer nie

VENNOOTSKAPSPROJEK LEWER UNIEKE MASJIE

Die buigmasjien se veiligheidstelsel is altyd baie belangriker as enige ander beheersein

Die Departement Bedryfsingenieurswese en Rovic International het saam 'n industriële buigmasjien van 80 ton gebou – teen 'n enorme besparing.

Die materiaalbegroting vir die buigmasjien was net R20 000. 'n Soortgelyke masjien kos nou sowat R750 000.

Dié vennootskapsprojek tussen Bedryfsingenieurswese en Rovic was die gevolg van navorsing in megatronika, waar meganika, elektronika en rekenaarstelsels so vervleg is dat die een nie sonder die ander kan funksioneer nie.

Megatronika se oogmerk is om uiters kostedoeltreffende produkte te bou, wat steeds eenvoudig en akkuraat werk. Megatronika-tegnologie blyk uiters geskik te wees vir ontwikkelende lande soos Suid-Afrika.

Rovic is 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat hom toespits op die vervaardiging van landbou-implemente. Kenmerkende produkte is stootskrapers en laaigrave vir trekkers. So 'n laaigraaf word met 'n hegstuk op 'n trekker geïnstalleer.

Die hegstukke moet doelgemaak word vir elke soort trekker en verg daarom heelwat ontwerpwerk. Die vervaardigingsprosesse kan baie verbeter word as 'n hoë tegnologie buigmasjien gebruik word om die hegstukke in 'n spesifieke vorm te buig.

Die akkuraatheid van die masjien is baie belangrik. As dié hegstukke skeef

gebuig is, gaan daar onnodige kragte uitgeoefen word op die trekkerblok, wat die trekker tydens normale gebruik kan beskadig.

Die Universiteit was verantwoordelik vir die gerekenariseerde beheerstelsel van die masjien. Ingenieurs by Rovic het die meganiese ontwerp gedoen.

Rovic het ook alle dele van die buigmasjien gebou. Dit sluit in die meganiese struktuur asook die hidrouliese pomp.

Die materiaalbegroting was net R20 000 - aansienlik minder as die driekwartmiljoen rand wat 'n soortgelyke masjien nou kos!

Die masjien kan 80 ton pers. Verskeie diktes staal kan gebuig word, maar die meeste is sowat 30 mm dik. Soveel energie word gebruik om die staal te buig dat die metaal louter warm voel nadat dit gebuig is.

Groot moeite is gedoen om die masjien veilig te maak, omdat geweldige kragte betrokke is.

Die buigmasjien is so ontwerp dat die veiligheidstelsel altyd voorrang geniet bo enige ander beheersein. As die noodstop byvoorbeeld gedruk word, trek die lem altyd tot in 'n neutrale posisie terug om te verhoed dat die operateur nie vasgevang word nie. N

Dis die begin van 'n nuwe, jaarlikse instelling tussen die twee universiteite

MATIES SKITTER IN VRYSTAATSE INTERVARSITY

Planne word nou al gemaak vir Maart 2001 se kragmeting op Coetzenburg



Die eerste intervarsity tussen die Maties en die Kowsies was so geslaag dat dit beslis weer gehou gaan word.

Twee treine vol Matie-sportlui en -ondersteuners het vanjaar opgeruk Bloemfontein toe vir die geskiedkundige eerste volwaardige intervarsity tussen dié twee universiteite.

Die US se rektorspaar, prof Andreas en mev Magdaleen van Wyk, was onder die toeskouers op die trein Vrystaat toe vir die intervarsity. By die onthaal na die wedstryde het hy gesê die uittog Bloemfontein toe was so aangenaam dat die Maties selfs nie sou omgee om volgende jaar weer die reis soontoe aan te pak nie!

Maar die 2001-intervarsity word beplan vir Coetzenburg, in Maart met die oorgang tussen die somer- en wintersportsoorte. Daar's vanjaar in agt sportsoorte meegeding, maar planne word reeds gemaak om volgende jaar in meer sportsoorte kragte te meet.

Oorwinnings

Teen alle verwagting in het die Maties se vier senior en vier junior rugbyspanne almal klinkende oorwinning oor hul Kowsie-eweknieë behaal ondanks die lang treinrit Bloemfontein toe.

In 'n opwindende hoof-voorwedstryd wat die hele tyd wipplank gery het, het die Victoriane hul Kowsie-teenstanders, die Irawas, 20-16 geklop. Die Vics het drie drieë teenoor die Irawas se twee aangeteken.

In die hoofwedstryd van die dag het die Maties se eerste span die Shimlas 25-23 gewen. Dit was ongelukkig 'n wedstryd waarin albei spanne kwaai onder strafskoppe teen hulle moes deurloop, sodat daar min opwindende spel was.



1. Die Victoriane se regtervleuel, Guillaume Batt, wat in die wedstryd teen Kowsies se naasbestes, die Irawas, twee drieë aangeteken het, kry in rustyd 'n bietjie raad van die Vics se afrigter, Basil Bey. Die Vics het 20-16 gewen.



2. Werner Bester, blitsige senter van die Victoriane, op loop met die bal in die wedstryd teen die Irawas op Shimlapark.



3. Daar is heerlik gekuier op die Matie-treine Bloemfontein toe vir die eerste intervarsity teen die Kowsies. Hier is Matie-afrigter Ian Kirkpatrick, Ellen Engelbrecht, vrou van die Rugbyklub se president, Jannie Engelbrecht, en rektor Andreas van Wyk.

4. Die Victoriane se afrigter Basil Bey, rektorsvrou Magdaleen van Wyk en Jannie Engelbrecht, president van die Rugbyklub, op een van die treine Vrystaat toe.

5. 'n Groep Matie-meisies op die intervarsity-trein.



3 maande verniet toegang tot die internet

wanneer jy by
World Online
aansluit teen
slegs R95-00
per maand vir
12 maande*

- Blitsvinnige Internet-toegang teen plaaslike oproepartariewe in 94 streke regoor SA
- 5 e-posadresse, een posbus
- e-pos kennisgewing aan selfoon
- 24-uur hulptonbank
- Oudio- en Videokonferensie-fasiliteite
- Die jongste nuus, vermaak en speletjies

Skakel: 0800 00 5656

www.worldonline.co.za

*Voorsien eenvoudig jou bankbesonderhede wanneer jy inteken.



Die Internet Kommunikasie Maatskappy

Freedom of movement

'n Lid van die  groep

Kry die kredietkaart met al die regte kwalifikasies.

Wanneer jy jou Absa
Universiteit MasterCard kredietkaart gebruik,
dra jy by tot die opvoeding van die nasie. Want dan maak
Absa 'n skenking aan jou universiteit sonder dat dit jou iets kos.
Internasionaal aanvaar, gratis reisversekering en tot 55 dae
rentevrye krediet – 'n verstandige keuse.



Doen vandag nog aansoek by enige Absa tak, skakel
0860 40 50 60 of besoek www.absa.co.za.

 **ABSA**
Vandag Môre Altyd Saam